

Herrn

MT 5  
AG.

**RG N**

**die enigste kind in die gesin:  
'n vergelykende studie**

**raad vir geesteswetenskaplike navorsing**

001.3072068 HSRG

MT 5



# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 28831

Telegramme: RAGEN

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.5072068 HSRC MT 5	21986/X
<b>RGN</b>	<b>RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING</b>
<b>BIBLIOTEEK LIBRARY</b>	
<b>HSRC</b>	<b>HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL</b>
W.P. 809 7/69	

**President:** Dr. P. M. Robbertse

**Vise-presidente:** Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Vente

**Sekretaris:** Mej. K. M. Henshall

## Institute en Departemente van die RGN

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsfinansiering en -koördinerings

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns

Departement van Inligting en Spesiale Dienste

Administrasie

## Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindings en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

***DIE ENIGSTE KIND IN DIE GESIN:  
'N VERGELYKENDE STUDIE***

*F. B. SMITH, B.A.*

*INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING*

*DIREKTEUR: W. VERHOEF*

*PRETORIA*

*1970*

**Verslag nr. MT 5**



Obtainable in English  
Kopiereg voorbehou



## ERKENNING

Die gegewens wat in hierdie ondersoek gebruik is, is deur middel van Projek Talentopname verkry. Talentopname is 'n langtermynnavorsingsprojek wat in 1965 'n aanvang geneem het met die hoofdoel om te bepaal wat die land se mannekragpotensiaal is en om gegewens beskikbaar te stel wat sal help om hierdie potensiaal tot die maksimum te laat ontwikkel. Die projek is met die samewerking van al die onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook die verenigings van kerk- en privaatskole onderneem.

Die persone wat die breë beplanning tussen 1959 en 1964 opgestel het en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname tot stand te bring, is dr. P.M. Robbertse, tans President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. dr. H.P. Langenhoven, tans verbonde aan UQVS en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Bantoe-onderwys. Talentopname word uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, Direkteur, Instituut vir Mannekragnavorsing en mnr. W.L. Roos, Hoofnavorsingsbeampte, Instituut vir Mannekragnavorsing. Die toetse en persoonlikheids- en belangstellingsvraelyste wat gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing waarvan dr. J.H. Robbertse die Direkteur is. Persone, behalwe bogenoemdes, wat ook ten nouste met Talentopname gemeed is, is die volgende:

(i) Personeellede

(a) Dr. J.D. Venter, Vise-president van RGN

(b) Talentopnamekomitee

Dr. A.J. van Rooy, Vise-president van RGN

Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Dr. F.A. Fouché, HNB, Instituut vir Psigometriese Navorsing

(c) Instituut vir Mannekragnavorsing

Mnr. U.J. van der Walt, HNB

Mnr. F.B. Smith, SNB

Mnr. G.F. Starker, SNB

(d) Instituut vir Statistiese Navorsing

Mnr. A.R. van den Berg, HNB

(ii) Advieskomitee vir Talentopname (uitgesonderd personeellede)

Dr. N.J. Heyns, Kaaplandse Onderwysdepartement

Dr. J.C. Groenewald en mnr. H.J. van der Merwe, Transvaalse Onderwysdepartement

Dr. A.C. Böhmer, Onderwysdepartement van OVS

Dr. H.A. Coetzee, Natalse Onderwysdepartement

Dr. C.H. de C. Murray, Departement van Hoër Onderwys

Mnr. R.G. Post, Onderwysdepartement van SWA

Brother Smith, Vereniging van Kerkskole (tans mev. T.A. Nixon)

Mnr. A.R.A. Murray, Vereniging van Privaatskole

Prof. G.J. Jordaan, Nasionale Onderwysraad (tans mnr. P.W. du Plooy)

Daarby word met dank verwys na die meer as 1000 persone, meesal onderwysers, wat by die skole as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers opgetree het en personeellede van die sielkundige en voorligtingsdienste van al die onderwysdepartemente wat toetsafnemers opgelei het en belangrike skakels in die groot organisasie van die toetsprogramme was. Die sukses van Talentopname word ook aan die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat betrokke is, toegeskryf. Laastens word met dank van die Departement van Hoër Onderwys melding gemaak wat 'n IBM 1230-optiese leser asook hul IBM 360-rekenaar beskikbaar gestel het.

LIBRARY **HSRC**

STANDKODE	REGISTERNUMMER
001 3072 3	21936/x

## VOORWOORD

Projek Talentopname het in 1965 'n aanvang geneem met die doel om onder andere te bepaal in watter mate sekere omstandighede of faktore tot die maksimale ontwikkeling van leerlinge bydra nadat hulle tot die hoërskole van die land toegetree het. Met die oog hierop word 'n aantal faktore of omstandighede asook 'n aantal spesifieke groepe leerlinge afsonderlik bestudeer. Een van die belangrikste faktore in hierdie verband is die sosio-ekonomiese status van die gesin waarin die kind hom bevind.

Aangesien hierdie faktor vanweë die gekompliseerdheid daarvan nie maklik "gemeet" kan word nie, is dit raadsaam geag om "metings" van verskeie aspekte van die sosio-ekonomiese agtergrond van die leerlinge wat in Talentopname betrek is, te verkry. Een van hierdie aspekte was die grootte van die gesin.

As 'n eerste stap in die bepaling van die rol van die grootte van die gesin as 'n aspek van die sosio-ekonomiese agtergrond van leerlinge, word die besondere situasie van enigste kinders bestudeer. Ten einde 'n beeld van hierdie leerlinge te verkry, is hulle agtergrond, aanpassing en intellektuele vermoë bestudeer soos die posisie aan die begin van hulle hoërskoolloopbaan, dit wil sê gedurende standerd ses, was.

Nog nooit tevore was in Suid-Afrika, sover vasgestel kon word, sulke omvattende gegewens ten opsigte van so 'n groot en verteenwoordigende groep enigste kinders soos wat nou deur middel van Talentopname bekom is, beskikbaar nie. Trouens, geen literatuur oor soortgelyke ondersoeke oorsee kon gevind word, wat ten opsigte van grootte en verskeidenheid van gegewens met dié van die onderhawige ondersoek vergelyk kan word nie.

Nogtans moet hierdie verslag net as 'n breë inleiding tot die bestudering van die bepaalde probleem gesien word.

	INLEIDING EN DOEL MET DIE ONDERSOEK	
1.1	Inleiding	
1.2	Doel met die ondersoek	3
2	METODE VAN ONDERSOEK	4
2.1	Die ondersoekgroep	4
2.2	Die meetinstrumente	4
2.2.1	Die Biografiese Vraelys	4
2.2.2	Die Onderwysersvraelys	4
2.2.3	Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG)	4
2.2.4	Die Aanpassingsvraelys	4
2.2.5	Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys	5
2.3	Berekeninge	6
3	BIOGRAFIESE AGTERGROND	7
3.1	Inleiding	7
3.2	Gewone biografiese besonderhede	7
3.2.1	Geslag	7
3.2.2	Huistaal	7
3.2.3	Woonplek gedurende skoolkwartale	8
3.2.4	Woonarea gedurende skoolkwartale	9
3.2.5	Huisvesting gedurende skoolkwartale	9
3.3	Besonderhede oor huislike omstandighede en ouers	10
3.3.1	Beroep van vader/stiefvader/voog	10
3.3.2	Die leerling se beroepskeuse	11
3.3.3	Dood en egskeiding van ouers	11
3.3.4	Onderwyspeil van ouers	12
3.3.5	Ouers se verwagting van die kind se geleerdheid	13
3.3.6	Leerlinge se onderwysaspirasies	14
3.3.7	Ouers se finansiële vermoë om kind tot standerd tien te laat leer	14
3.3.8	Ouers se finansiële vermoë om kind universiteit toe te stuur	15
3.3.9	Buitenshuise werk van moeder	16
3.3.10	Beskikbaarheid van hulp tuis met huiswerk	16
3.3.11	Beskikbaarheid van tyd vir huiswerk	16
3.3.12	Tevredenheid met sakgeld	17
3.3.13	Werk vir sakgeld	17
3.4	Skoolaangeleenthede	18
3.4.1	Soort skool	18
3.4.2	Area waar skool geleë is	18
3.4.3	Ouderdom met eerste toetreding tot skool	18
3.4.4	Bywoning van 'n kleuterskool	19
3.4.5	Getal skole bygewoon	19
3.4.6	Druiping op skool	20
3.5	Buitemuurse aktiwiteite en stokperdjies	20
3.5.1	Soort leesstof verkies	20
3.5.2	Tydsbesteding aan buitemuurse aktiwiteite	21
3.5.3	Naskoolse lesse	21
3.5.4	Stokperdjies	21
3.5.5	Getal stokperdjies	23
3.5.6	Aktiwiteit waarvan leerlinge die meeste hou	23
3.6	Houdings	24
3.6.1	Houding teenoor godsdiens	24
3.6.2	Houding teenoor skoolgaan	24
3.6.3	Houding teenoor huiswerk	25
3.6.4	Houding teenoor sport	25
3.6.5	Houding teenoor geleerdheid	25
3.6.6	Houding teenoor skoolreëls	26
3.6.7	Begeerte om 'n leier te wees	26
3.7	Gesondheid	27
3.8	Samevatting	28
3.8.1	Gewone biografiese besonderhede	28
3.8.2	Huislike omstandighede en ouers	29
3.8.3	Skoolaangeleenthede	29
3.8.4	Buitemuurse aktiwiteite en stokperdjies	29
3.8.5	Houdings	30
3.8.6	Gesondheid	30

5.1	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-PUNT	37
5.2	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS NIE-VERBALE IK-STANEGES	37
5.3	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VERBALE IK-STANEGES	37
5.4	VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOTALE IK-STANEGES	38
6.1	GEMIDDELDE STANEGETELLINGS OP DIE HSPV-VELDE	39
7.1	GEMIDDELDE TELLINGS OP DIE VELDE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS	42

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING EN DOEL MET DIE ONDERSOEK

#### 1.1 INLEIDING

Die vraag of kinders uit dieselfde gesin tot mekaar se algemene ontwikkeling bydra, kan ten dele beantwoord word deur 'n vergelyking tussen kinders wat die enigste kind in die gesin is, met kinders uit groter gesinne. Indien kommunikasie en saamleef met broers en susters 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van 'n kind het, kan verwag word dat die kind uit die groter gesin minder aanpassings- en ander probleme sal openbaar as die enigste kind wat die aanwesigheid van broers en susters moet ontbeer.

Volgens Bossard is daar 'n al groter neiging by ouers om net een kind te hê. Hy beweer: "Almost one-fifth of all completed families (wife forty-five years of age or over) today have only one child, a tenfold increase during the past two centuries" (7, bl. 101). Hy beweer verder dat die enigste kind nie slegs 'n waardevolle studieveld by wyse van kontras is nie, maar ook 'n uiters belangrike probleem in kindergedrag verteenwoordig.

Beide die populêre siening en wetenskaplike ontleding is dit eens dat die enigste kind van ander kinders ten opsigte van sekere aspekte verskil. Populêre opinie wat oordeel volgens waarneembare gedrag, identifiseer twee tipes enigste kinders, naamlik diegene wat bedorwe, egosentriek, moeilik en asosiaal is, en tweedens diegene wat sensitief, geïsoleerd, huierig en baie afhanklik van hulle ouers is. In terme van veroorsakende faktore benadruk wetenskaplike literatuur eerstens die feit dat daar by enigste kinders 'n gebrek aan die noodsaaklike kommunikasie met ander kinders is, en tweedens dat die enigste kind te veel aandag van sy ouers kry (7).

In 'n ander werk van Bossard beklemtoon hy die feit dat die aantal persone in 'n huisgesin 'n groot invloed op die algemene lewenspatroon van die gesinslede uitoeven (11). Hy beweer op grond van gevallestudies dat sekere probleme byna geheel en al eksklusief aan groot gesinne is, terwyl heeltemal verskillende probleme weer tipies van klein gesinne is. Die wyse van optrede teenoor gesinslede onderling verskil ook, afhangende van die getal persone wat daarin betrokke is.

English stem met Bossard saam dat die invloed van broers en susters op 'n kind se opvoeding uiters belangrik is, alhoewel dit gewoonlik moeilik is om te bepaal wat die presiese aard en mate van beïnvloeding is (5). Hy beweer ook, net soos Bossard, dat die populêre opinie omtrent enigste kinders is dat hulle bedorwe is en moeilikheid ondervind om gesonde sosiale verhoudings met ander kinders op te bou en oor die algemeen meer geneig is tot wanaanpassing en misdadigheid, maar hy verwerp hierdie stereotipe menings.

Terwyl 'n skrywer soos English van mening is dat enigste kinders nie meer probleme ten opsigte van hulle aanpassing as ander kinders ondervind nie, is daar sommige skrywers wat 'n baie donker prentjie van enigste kinders skilder.

Bohannon het byvoorbeeld bevind dat enigste kinders in vergelyking met ander kinders ondergemiddeld is wat betref gesondheid en lewenskrag, meer aan fisieke en geestelike kwaley, die skool later en meer ongereeld besoek en ondergemiddelde werk in die skool lewer (9). Volgens hom openbaar hulle verder allerlei eienaardighede, is selfsugtig, meer aanstellerig en vroegryp.

Neal se ondersoek het Bohannon se karakterisering van die enigste kind gestaaf (25). Sy beweer dat die enigste kind gewoonlik 'n probleemkind is, wat jaloers, selfsugtig, egoïsties, afhanklik, aggressief en rusiemakerig is.

Fenton gee 'n weergawe van verskeie skrywers se menings ten opsigte van die enigste kind:

(a) Hall : "Being an only child is a disease in itself" (8, bl. 547).

(b) Die Blantons : "The only child is greatly handicapped. He cannot be expected to go through life with the same capacity for adjustment that the child reared in the family with other children has" (8, bl. 547). Hulle stel voor : "If, through some misfortune, there can be no other child in the family, another should be adopted in order that the child may have a companion" (8, bl. 547).

(c) Mead en Abel : "It is usually the only child that is the spoiled child. Being the only and chief concern of his parents he receives their full and often over-solicitous attention" (8, bl. 547).



(d) Wexton beweer dat enigste kinders uiters egoïsties is en hulle vriende wil tiranniseer. Hulle wil altyd die aandag op hulleself gevestig hê en is 'n volslae mislukking op skool. Dié donker prentjie word nog donkerder geteken wanneer hy beweer dat die grootste meerderheid senuweeagtige kinders wat tuis, in die skool en in die geneesheer se spreekkamer gesien word, enigste kinders is en dat hulle aanpassing onder alle omstandighede besonder moeilik is.

Fenton se eie ondersoek, waar onderwysers enigste kinders moes beoordeel, bring die volgende bevindings, wat heelwat van dié bogenoemde skrywers verskil, aan die lig (8):

- (a) Enigste kinders is slegs 'n bietjie meer selfsugtig en asosiaal as ander kinders.
- (b) Hulle is minder populêr onder hulle skoolmaats.
- (c) Hulle is effens minder gehoorsaam.
- (d) Hulle is meer geneig om leiers te wees.
- (e) Hulle het meer selfvertroue.
- (f) Hulle is meer aggressief.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat die sogenaamde swak eienskappe van enigste kinders heeltemal oordryf word en doen die volgende wenke vir die opvoeding van enigste kinders aan die hand:

- (a) Hulle moet van maats van hulle eie ouderdom voorsien word.
- (b) Hulle moet veral spesifieke opleiding ontvang met die doel om hulle hul regte en pligte teenoor ander mense te laat verstaan en besef.
- (c) Ouers moet kinders nie op 'n te vroeë ouderdom stimuleer om volwasse houdings aan te neem deur hulle te veel in hulle vertroue te neem en te bewus maak van probleme wat vir die ouers van belang is, maar wat vir die kind moeilik is om te verstaan nie. Die kind moet aan die anderkant ook nie te veel teen kontak met die werklikheid beskerm word nie.
- (d) Ouers moet enigste kinders nie te veel vertroetel en te veel aan hulle begeertes toegee nie.
- (e) Die kind moet nie in dinge ingedwing word nie maar moet toegelaat word om eie inisiatief aan die dag te lê.

Volgens Ward is die enigste kind opmerklik jonger as die ander kinders in sy klas, het 'n hoër intelligensie, is minder geneig om te steel, leuens te vertel en stokkies te draai (19). Hulle is rusteloser, ooraktief en ondervind meer skoolprobleme. Volgens haar kan die volgende sosiale en emosionele probleme by enigste kinders waargeneem word:

- (a) As gevolg van die feit dat enigste kinders nie broers en susters het om mee te speel nie, het hulle 'n gebrek aan daardie ondervindings wat kinders in dieselfde gesin aan hulle kan gee. Hulle is met ander woorde nie op hoogte met die lewenslesse van ander kinders van hulle ouderdom, vermoëns en tipe nie.
- (b) Daar is gevare vir sy emosionele ontwikkeling. Die emosionele eise van die ouers word op die kind gekonsentreer en dit plaas 'n onnatuurlike las op die nog onrype en emosioneel onvolwasse kind.
- (c) Sy ouers is geneig om oorbeskermend te wees. Hierdie oorbeskerming mag verskeie vorms aanneem, byvoorbeeld 'n abnormale behepthed met die gesondheid van die kind, te veel lof vir geringe prestasies of te veel inmenging met selfs die kleinste aktiwiteit in die kind se lewe.
- (d) Daar is 'n te vroeë verskuiwing na volwasse aktiwiteite en belangstellings omdat geen kinderlike aktiwiteite in die huis bekombaar is nie. Dit bevorder vroegrypheid en verklaar die voorkoms van leierskap, sowel as ongewildheid onder ander kinders.

Volgens Ward is daar egter ook sekere besliste voordele verbonde daaraan om die enigste kind te wees. Normaalweg is die enigste kind se ekonomiese toestand beter as dié van ander kinders. Dit mag beteken meer speelgoed, beter onderwysgeleenthede, meer en beter klere. Ouers van sulke kinders behoort vanselfsprekend meer tyd tot hulle beskikking te hê om aan die toesig en voorligting van die kind te bestee.

Hoe die gesin ook al daar uitsien, die enigste kind daarin is onderhewig aan die gekonsentreerde krag van al sy invloed. As die ouers byvoorbeeld te veel aandag aan die kind gee, kry hy meer aandag as wanneer hy broers en susters sou gehad het en as die ouers aan die ander kant weer te min aandag aan hom gee, sal hy eensamer wees as wanneer hy broers

en susters sou gehad het. Alhoewel hy nie die natuurlike sosiale opvoeding vir neem-en-geeverhoudings wat broers en susters meebring het nie, mag hy nog die ekonomiese hulpmiddels hê vir wyer sosiale ondervindings wat hom ontsê sou gewees het as hy broers en susters gehad het wat in die gesinslewe moes deel. Dikwels skyn dit asof enigste kinders 'n agterstand het wanneer hulle vanuit die gesinskring na ander wyer sosiale kringe beweeg waar hulle vreemdelinge as gelykes ontmoet en met hulle oor die weg moet kom. Dikwels egter, is daar wat hulle aanpassing betref 'n vroegrypheid te bespeur wat groter is as dié van hulle vriende omdat hulle die voordeel van spesiale individuele opvoeding gehad het wat hulle vriende moes ontbeer (11).

Volgens bogenoemde skrywers se bevindinge met betrekking tot enigste kinders is dit duidelik dat die populêre mening dat die enigste kind wanaangepas is net omdat hy alleen is, nie sonder meer aanvaar kan word nie, maar dat die werklike oorsake van sy sogenaamde ongewone gedrag, indien enige, nog bepaal moet word. Hierdie oorsake moet gesoek word in sekere konkrete ondervindinge en nie in 'n sekere vae toestand soos "alleenheid" nie (5).

Bogenoemde navorsing is deurgaans deur oorsese skrywers gedoen. In Suid-Afrika is nog geen navorsing oor spesifiek enigste kinders gedoen nie. In die lig hiervan is besluit om met Talentopnamegewens navorsing oor enigste kinders te doen.

## 1.2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met hierdie ondersoek is om enigste kinders ten opsigte van biografiese agtergrond, aanpassing, persoonlikheid en intellektuele vermoë met die universum van 1965 se st.6-leerlinge te vergelyk om sodoende 'n beter beeld en begrip van enigste kinders te verkry, asook om te bepaal of hulle as 'n probleemgroep beskou kan word.

## HOOFSTUK 2

### METODE VAN ONDERSOEK

#### 2.1 DIE ONDERSOEGROEP

Gedurende 1965 het 69,908 standerd 6-leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika aan Talentopname deelgeneem, en 'n omvattende battery toetse is op hulle toegepas en vraelyste is deur hulle voltooi. Ten opsigte van elke leerling is daar ook 'n vraelys deur sy klasonderwyser/es voltooi. Vir alle praktiese doeleindes word bogenoemde getal leerlinge beskou as die universum van leerlinge wat in 1965 in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika in standerd 6 was.

Volgens verslag MT 2 (30), waar volledige besonderhede aangaande alle aspekte van die 1965-Talentopnameprogram verskyn, was daar ten tye van die toetsing 2,679 standerd 6-leerlinge wat enigste kinders was, bestaande uit 1,427 seuns en 1,252 dogters. Hierdie groep enigste kinders het 3,8 persent van die universum van standerd 6-leerlinge verteenwoordig en vorm die ondersoekgroep vir hierdie ondersoek.

#### 2.2 DIE MEETINSTRUMENTE

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, naamlik om 'n beeld van enigste kinders ten opsigte van biografiese agtergrond, intellektuele vermoë, aanpassing en persoonlikheid te verkry, word die ondersoekgroep met die universum van 1965 se standerd ses-skoolbevolking vergelyk aan die hand van die resultate van sekere toetse wat tydens 1965 se Talentopname-toetsprogram op hulle toegepas is en vraelyste wat deur hulle beantwoord is.

'n Kort beskrywing van die meetinstrumente word hieronder gegee. Vollediger beskrywing van hierdie meetinstrumente verskyn in 'n vorige Talentopnameverslag (29).

##### 2.2.1 Die Biografiese Vraelys

Hierdie vraelys is spesiaal opgestel vir die doel van Talentopname en bevat onder andere vrae ten opsigte van die leerlinge se stokperdjies, deelname aan sport, beroepskeuse, beroep en finansiële status van ouers, gesinsgrootte, die leerling se houding ten opsigte van godsdienste, die skool en huiswerk. Die vraelys bestaan uit 66 items en neem ongeveer 45 minute om te voltooi.

##### 2.2.2 Die Onderwysersvraelys

Hierdie is 'n kort vraelys bestaande uit 21 vrae wat deur die standerd ses-klasonderwyser(es) ten opsigte van elke standerd ses-leerling ingevul moes word. Dit sluit onder andere vrae in met betrekking tot die leerling se skoolprestasies, vermoë tot leierskap, afwesigheid van skool, ywer ten opsigte van skoolwerk en kans om standerd tien te slaag.

##### 2.2.3 Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG)

Die doel met die NSAG is om sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, dit is oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het, te meet. Die toets gee 'n betroubare meting van die intellektuele vermoë van leerlinge. Dit bestaan uit drie verbale en drie nie-verbale subtoetse van 25 items elk en lewer drie tellings, naamlik verbale IK, nie-verbale IK en totale IK. Die toets neem twee uur om toe te pas. Die Intermediêre reeks van die toets is geskik vir tien- tot veertienjariges terwyl leerlinge ouer as veertien jaar met die senior vorm getoets word.

Die betroubaarheid van die toets (Kuder-Richardson-formule-21) is hoog en wissel tussen 0,87 en 0,96. Die geldigheid wat verkry is deur die toets met skolastiese toetse te korreleer, is ook hoog en wissel van 0,72 tot 0,87 in die geval van stillestoetse en van 0,73 tot 0,81 vir rekenkunde.

##### 2.2.4 Die Aanpassingsvraelys

Die vraelys bestaan uit 160 vrae wat veral twee gebiede van aanpassing dek, naamlik persoonlike aanpassing en sosiale aanpassing. Tien velde van aanpassing word gemeet, naamlik:

Veld 1 : Selfvertroue : Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se gevoel van vertroue in sy werklike of vermeende vermoëns. Die onderliggende faktor by hierdie groep vrae is daardie gelukkige gevoel van selfvertroue en gebrek aan selfbewustheid wat die handelswyse en optrede van die goed aangepaste individu kenmerk.

Veld 2 : Gevoel van eiewaarde : Hierdie veld handel oor die toetsling se gevoel van eiewaarde ten opsigte van sy werklike of vermeende persoonlike gebreke of ongunstige omstandighede, veral wanneer hy in situasies geplaas word waar hy minder suksesvol as ander presteer.

Veld 3 : Gevoel van persoonlike vryheid : Die items in hierdie afdeling handel oor die houding van die toetsling teenoor beperkings of vermeende beperkings op sy persoonlike vryheid.

Veld 4 : Gevoel van aanvaarding en erkenning : Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se innerlike gevoel van aanvaarding en erkenning deur spesifieke persone, byvoorbeeld ouers of groepe van persone, byvoorbeeld maats.

Veld 5 : Sosiale verhoudings : Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se neiging tot oormatige teruggetrokkenheid.

Veld 6 : Simptome van senuweeagtigheid : Hierdie vrae handel oor verskeie simptome van senuweeagtigheid of gespannenheid.

Veld 7 : Morele inslag : Die responsies van die toetsling op die vrae in hierdie afdeling gee 'n aanduiding van sy houding ten opsigte van die standaarde van gedrag wat deur die gemeenskap aanvaar word.

Veld 8 : Huislike verhoudings : Die vrae in hierdie afdeling handel oor die toetsling se houding en gevoel teenoor sy huis.

Veld 9 : Skoolverhoudings : Die vrae in hierdie afdeling handel oor die houding van die kind teenoor sy onderwyser en ander leerlinge.

Veld 10 : Emosionaliteit : Die vrae in hierdie afdeling handel oor die algemene emosionele toestand van die toetsling.

X-telling : Erns waarmee die vraelys beantwoord is : Daar word voorsiening gemaak vir die verkryging van 'n X-telling om te bepaal hoe eerlik die toetsling die vraelys beantwoord het.

## 2.2.5 Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys

Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) bestaan uit 142 vrae en meet veertien afsonderlike persoonlikheidsdimensies of -trekke, wat volgens die bevindinge van sielkundiges, nagenoeg die totale persoonlikheid omvat. Elke dimensie of veld word omskryf in terme van twee pole of uiterstes, soos aangedui in tabel 2.1. Die linkerkantse beskrywing dui op 'n telling aan die onderste punt en die regterkantste aan die boonste punt van die stanegeskaal waarvolgens die rouppunte in normpunte omgesit is.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat hoë tellings nie noodwendig altyd "goed" en lae tellings "swak" is nie.

Die beskrywing van die verskillende velde, soos aangegee in die handleiding vir die HSPV (18, bl. 17), is soos volg:

TABEL 2.1  
VELDE VAN DIE HOËRSKOOL-PERSONLIKHEIDSVRAELYS

Lae stanegetelling (1-3)	Alfabetiese benaming van faktor	Hoë stanegetelling (7-9)
Teruggetrokke, afsydig, krities, koel	A	Na-buite-lewend, hartlik, sorgeloos, deelnemend
Minder intelligent, konkreetdenkend, minder skolastiese verstandelike vermoë	B	Meer intelligent, abstrakdenkend, meer skolastiese verstandelike vermoë
Aantasbaar deur gevoelens, emosioneel minder stabiel, maklik ontstel, veranderlik, minder egosterkte	C	Emosioneel stabiel, sien die werklikheid in die oë, kalm, meer egosterkte (nie dieselfde as egoïsties nie)
Flegmaties, doelbewus, onaktief, swaarwigtig	D	Prikkelbaar, opgewonde, ongeduldig, veeleisend, ooraktief
Gehoorsaam, gematig, inskiklik, gedwee	E	Aanmatigend (laat homself geld), onafhanklik, aggressief, hardkoppig, dominant (oorheersend)

Lae stanegetelling (1-3)	Alfabetiese benaming van faktor	Hoë stanegetelling (7-9)
Sober, versigtig, ernstig, swygsaam	F	Onbesorgd, vrolik, entoesiasties, impulsief opgewek
Opportunisties, ontwyk reëls, voel min verpligtings, het minder superegosterkte	G	Pligsgetrou, volhardend, stemmig, reëlgebonde, het meer superegosterkte
Skaam, beheersd, onvrymoedig, sku	H	Waaghalsig, sosiaal vrypostig, ongeinhibeerd, spontaan
Ontoegieflik, selfstandig, realisties, verdra geen bogtery nie	I	Teerhartig, afhanklik, oorbeskermd, fyngevoelig.
Lewenskragtig, gaan geredelik saam met die groep, lewensbly, tree handelend op	J	Weifelagtig, dwarstrekkerig, individualisties, peinsend, innerlik terughoudend, onwillig om handelend op te tree
Kalm, vol selfvertroue, bedaard, onbekommerd	O	Bevreesd, bekommerd, neerslagtig, onrustig, geneigd tot skuldgevoelens
Groepafhanklik, 'n "aanhanger" en goeie volgeling	Q2	Selfgenoegsaam, verkies eie besluite, vindingryk
Geneig tot ongedissiplineerde selfkonflik, veronagsaam protokol, volg eie aandrang, gebrek aan integrasie	Q3	Beheersd, sosiaal-korrek, selfgedissiplineerd, kompulsief, hoë mate van selfsentiment
Ontspanne, rustig, traag, ongefrustreerd	Q4	Gespanne, aangedrewe, oorspanne, gefrustreerd

### 2.3 BEREKENINGE

Met behulp van die t- en chikwadraattoetse is die beduidendheid van verskille tussen enigste kinders en die universum bepaal. Daar dien op gelet te word dat alle enigste kinders met die universum vergelyk word en enige verskil wat verkry word, dus 'n werklike verskil is. Die toetse vir beduidendheid is uitgevoer slegs om te sien of verkreë verskille beduidend sou gewees het indien daar met 'n ewekansige steekproef sou gewerk gewees het.

Daar moet verder op gelet word dat die ondersoekgroep deel vorm van die universum. Indien die ondersoekgroep met die res van die universum sou vergelyk word, sou al die verkreë verskille dus effens groter gewees het as wat die geval met hierdie studie is.

Waar daar in hierdie verslag na die "universum" verwys word, word deurgaans bedoel dat dit die totale standerd ses-bevolking van 69 908 leerlinge is, met inbegrip van die 2679 enigste kinders.



HOOFSTUK 3  
BIOGRAFIESE AGTERGROND

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die groep enigste kinders met die universum van standerd ses-leerlinge ten opsigte van gegewens wat deur hulle in die Biografiese Vraelys verstrekk is, vergelyk. Die vrae van die Biografiese Vraelys is vir hierdie doel in die volgende ses indelings gegroepeer:

- (a) Gewone biografiese besonderhede
- (b) Besonderhede oor huislike omstandighede en ouers
- (c) Skoolaangeleenthede
- (d) Buitemuurse aktiwiteite en stokperdjies
- (e) Houidings teenoor sekere sake
- (f) Gesondheid.

By die interpretasie van die tabelle moet die volgende in aanmerking geneem word:

(a) Ten opsigte van elke responsie in die tabelle word die N sowel as die persentasie van beide die ondersoekgroep en die universum aangetoon en die persentasies onderling met mekaar vergelyk en bespreek.

(b) Die totale N mag van tabel tot tabel verskil, weens die feit dat sommige leerlinge nie 'n vraag beantwoord het nie. Die persentasies in elke tabel is bereken op grond van die getal leerlinge vir wie gegewens beskikbaar is, dit wil sê ten opsigte van die totale N wat in die betrokke tabel verskyn.

(c) Alle resultate wat in die Biografiese Vraelys verskyn, is gebaseer op antwoorde wat deur die leerlinge self verstrekk is.

3.2 GEWONE BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

3.2.1 Geslag

Die gegewens ten opsigte van geslag verskyn in tabel 3.1

TABEL 3.1  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GESLAG

Geslag	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Seuns	1427	53.3	35645	51.1
Meisies	1252	46.7	34092	48.9
TOTAAL	2679	100.0	69737	100.0

$\chi^2 = 4.968;$

Volgens tabel 3.1 is daar 'n groter persentasie seuns in die geval van enigste kinders (53.3%) in vergelyking met die universumverdeling (51.1%). Die verskil is 2.2 persent. In die geval van dogters geld die omgekeerde waar 46.7 persent van die enigste kinders dogters is teenoor 48.9 persent van die universum.

Alhoewel die verskil ten opsigte van enigste kinders en die universum beduidend is, kan geen redelike verklaring vir die manlike meerderheid by enigste kinders gegee word nie.

3.2.2 Huistaal

Die gegewens ten opsigte van huistaal verskyn in tabel 3.2

TABEL 3.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HUISTAAL

Huistaal	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Afrikaans	1192	44.5	41300	59.2
Engels	1076	40.2	21430	30.7
Afr. en Eng.	235	8.8	4696	6.7
Duits	55	2.0	726	1.0
Nederlands	15	0.6	448	0.7
Grieks	25	0.9	247	0.4
Italiaans	27	1.0	261	0.4
Portugees	34	1.3	352	0.5
Ander tale	20	0.7	288	0.4
TOTAAL	2679	100.0	69748	100.0

$$\chi^2 = 311.254; \quad P < .001$$

Volgens die gegewens in tabel 3.2 kan die volgende opgemerk word:

(a) Die persentasie enigste kinders wat Afrikaanssprekend is (44.5%), is aansienlik laer as wat volgens die universumverdeling (59.2%) verwag sou word. Die persentasie enigste kinders wat Engelssprekend is (40.2%), is weer aansienlik hoër as wat volgens die universumverdeling verwag sou word (30.7%)

(b) Daar is 8.8 persent enigste kinders teenoor 6.7 persent van die universum wie se huistaal Afrikaans en Engels is.

(c) Van die enigste kinders is 6.5 persent anderstalig, teenoor 3.4 persent van die universum.

Aangesien die verkreë verskille so groot en beduidend is, word afgelei dat enigste kinders in 'n baie hoër mate uit nie-Afrikaanssprekende huise as uit Afrikaanssprekende huise kom. Hierdie verskynsel moet steeds in gedagte gehou word by die interpretasie van verskille tussen enigste kinders as groep en die universum ten opsigte van ander aspekte van hulle agtergrond.

### 3.2.3 Woonplek gedurende skoolkwartale

'n Belangrike aspek van 'n leerling se agtergrond is sy woonplek, dit wil sê of hy by sy ouers of by familie, of in 'n koshuis bly of privaat loseer. Hierdie aspek hou onder andere verband met die aard van die toesig oor die doen en late van die kind gedurende die tyd van die dag wanneer hy nie in die skool is nie. In tabel 3.3 word besonderhede oor die woonplek van die ondersoekgroep en die universum aangetoon.

TABEL 3.3  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONPLEK GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Woonplek	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
By ouers	2145	80.3	54280	78.2
By familie	74	2.8	1469	2.1
In 'n koshuis	423	15.8	13213	19.0
Loseer privaat	29	1.1	504	0.7
TOTAAL	2671	100.0	69466	100.0

$$\chi^2 = 26.052; \quad P < .001$$

Uit tabel 3.3 blyk dit dat 'n groter persentasie van die enigste kinders by hulle ouers woon (80.3%) in vergelyking met die universumverdeling (78.2%). Verder bly 'n kleiner persentasie van die enigste kinders in koshuise (15.8%) as wat volgens die universumverdeling verwag sou word (19.0%). Ook 'n effens groter persentasie enigste kinders bly by hulle familie of loseer privaat in vergelyking met die universumverdeling.

Bogenoemde verskille tussen die ondersoekgroep en die universum kan die beste verklaar word nadat 'n ontleding van die woonarea van leerlinge gemaak is.

### 3.2.4 Woonarea gedurende skoolkwartale

Die woonarea (plaas, dorp of stad) van leerlinge in die ondersoekgroep word in tabel 3.4 met dié van die universum vergelyk.

TABEL 3.4  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS WOONAREA GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Woonarea	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Op 'n plaas	187	7.0	5131	7.4
Op 'n plot naby 'n stad of dorp	136	5.1	4719	6.8
In 'n dorp	815	30.6	26486	38.3
In 'n stad of voorstad	1527	57.3	32900	47.5
TOTAAL	2665	100.0	69236	100.0

$\chi^2 = 106.681; P < .001$

Uit tabel 3.4 blyk dit duidelik dat enigste kinders in 'n hoër mate in stedelike gebiede woon as wat volgens die universumverdeling verwag sou word. Gevolglik woon ook minder ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge op 'n plaas, op 'n plot of in 'n dorp. Die verskil tussen die ondersoekgroep en die universum wat woonarea betref, verklaar die verskynsel dat enigste kinders in 'n mindere mate in koshuise woon, soos in paragraaf 3.2.3 bevind is, aangesien koshuise meesal op die platteland voorkom waar afstande dit moeilik maak om kinders vanuit die ouerhuis te laat skoolgaan.

Hierdie bevinding hou ook verband met die verskynsel dat daar na verhouding meer Engelssprekende asook anderstalige enigste kinders is (kyk paragraaf 3.2.2) as wat by die universum die geval is, aangesien dit 'n bekende feit is dat meer Engelssprekendes in verhouding in stedelike gebiede as Afrikaanssprekendes woon.

Verder mag dit ook wees dat stedelinge meer geneig is om kleiner gesinne te hê as plattelanders en kan die verkreë verskille volgens tabel 3.4 gedeeltelik dus hieraan toegeskryf word.

### 3.2.5 Huisvesting gedurende skoolkwartale

Die soort huisvesting van leerlinge gedurende skoolkwartale word in tabel 3.5 weergegee.

TABEL 3.5  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HUISVESTING GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Huisvesting	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Huis	1876	70.1	52270	75.2
Woonstel	336	12.6	3355	4.8
Losieshuis of hotel	36	1.4	619	0.9
Koshuis	410	15.3	12654	18.2
Kinderhuis	17	0.6	580	0.9
TOTAAL	2675	100.0	69478	100.0

$\chi^2 = 360.138; P < .001$

Volgens tabel 3.5 woon 12.6 persent van die enigste kinders in woonstelle. Hierdie persentasie is hoër as die 4.8 persent universumleerlinge wat in woonstelle woon. Gevolglik woon 'n laer persentasie enigste kinders as universumleerlinge in die ander verblyfplekke, naamlik huise, koshuise en kinderhuise.

Aangesien woonstelle meesal in stedelike gebiede voorkom, strook die bevinding hierbo, dat 'n groter persentasie enigste kinders in woonstelle woon, met die bevinding van paragraaf

3.2.4 insake woonarea asook met die bevinding oor woonplek (par. 3.2.3) en huistaal (par. 3.2.2).

Verder kan die hoë voorkoms van woonstelbewoning deur enigste kinders ook verklaar word op grond van die feit dat hierdie gesinne minder behoefte het aan 'n groter woonplek, byvoorbeeld 'n huis. Dit mag ook wees dat juis die feit dat hulle in woonstelle met beperkte ruimte woon, hierdie ouers noop om nie hulle gesinne te vergroot nie.

### 3.3 BESONDERHEDE OOR HUISLIKE OMSTANDIGHEDE EN OJERS

#### 3.3.1 Beroep van vader/stiefvader/voog

In tabel 3.6 word aangetoon watter beroepe die vaders van die ondersoekgroep en die universum volg. Die ontleding van hierdie aspek kan onder andere 'n aanduiding gee van die sosio-ekonomiese posisie van die gesin waarin die leerling hom bevind.

TABEL 3.6  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEROEP VAN VADER/STIEFVADER/VOOG

Beroepsgroepe	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Professionele en semi-professionele werkers	361	13.5	8169	11.7
Administratiewe werkers	447	16.7	9957	14.2
Klerklike werkers	324	12.1	6896	9.9
Verkoopswerkers	167	6.2	3375	4.8
Geskoolde ambagsmanne	469	17.5	11633	16.6
Opgeleide buitewerkers	261	9.7	8311	11.9
Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	217	8.1	8749	12.5
Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	10	0.4	263	0.4
Operateurs en halfgeskoolde werkers	254	9.5	7550	10.8
Ongeskoolde werkers	43	1.6	1513	2.2
Pensioentrekkers	89	3.3	2282	3.3
Geen beroep verstrekkend nie	37	1.4	1210	1.7
TOTAAL	2679	100.0	69908	100.0

$$\chi^2 = 106.415; \quad P < .001$$

Indien daar aangeneem word dat die eerste vyf beroepskategorieë die middel en hoër sosio-ekonomiese beroepe verteenwoordig, blyk dit dat 66.0 persent van enigste kinders se vaders hierdie beroepe beoefen teenoor 57.2 persent van die universum. Agt punt agt persent meer vaders van enigste kinders beklee dus middel- en hoër sosio-ekonomiese beroepe as vaders van die universum. Hiervolgens blyk dit dat enigste kinders in 'n hoër mate voorkom by gesinne in die middel- en hoër sosio-ekonomiese strata van die bevolking in vergelyking met die universum.

Ten opsigte van bogenoemde kan Bossard, Robbertse, Landis en Malherbe aangehaal word. Volgens Bossard is die klein familiesisteem 'n kwaliteitsisteem wat hoofsaaklik in die middel- en boonste klasse voorkom (3).

Robbertse beweer "Die kindertal styg ooreenkomstig die daling van die ouerlike beroep en omgekeerd" (4, bl. 40).

Malherbe beweer: "In ander lande sowel as in Suid-Afrika is daar bewys dat die gesin kleiner word namate die beroep van die ouer verander van die arbeidersklas-terrein op 'n skaal van gegradeerde beroepe en in die rigting van die 'professies' beweeg" (1, bl. 221).

Landis bevestig bogenoemde skrywers se siening wanneer hy beweer: "It is recognised that in a period of birth control and voluntary parenthood the only child is more often from the homes of superior social, cultural and economic position and in the majority of cases from homes of superior education and ability" (12, bl. 239).

Alhoewel bogenoemde skrywers die mening toegedaan is dat ouers in die laere beroeps-kategorieë die meeste kinders het, blyk dit uit meer resente ondersoeke dat die posisie sedertdien verander het, deurdat 'n U-vormige verspreiding in die verband tussen beroeps-status en kindertal voorkom (31).

### 3.3.2 Die leerling se beroepskeuse

Die beroepskeuse van die ondersoekgroep en die universum verskyn in tabel 3.7.

TABEL 3.7

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE BEROEPSKEUSE

Beroepsgroepe	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Professionele en semi-professionele werkers	1392	52.0	32245	46.1
Administratiewe werkers	28	1.0	695	1.0
Klerklike werkers	385	14.4	11767	16.9
Verkoopswerkers	65	2.4	1208	1.7
Geskoolde ambagsmanne	270	10.1	9053	13.0
Opgeleide buitewerkers	282	10.5	7652	11.0
Boere, tuiniers, bosbouers, vissers	117	4.4	3669	5.2
Persoonlike en huishoudelike dienswerkers	5	0.2	259	0.3
Operateurs en halfgeskoolde werkers	15	0.5	423	0.6
Huisvroue	6	0.2	144	0.2
Geen beroep verstrekkend	114	4.3	2793	4.0
TOTAAL	2679	100.0	69908	100.0

$$\chi^2 = 61.524; \quad P < .001$$

Die verskil in beroepskeuse tussen die twee groepe kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die 5.9 persent meerderheid ten opsigte van professionele en semi-professionele beroepe by die enigste kinders. Ten opsigte van die ander beroepsgroepe is die persentasieverskille tussen die ondersoekgroep en die universum gering.

Van tabel 3.7 word dus afgelei dat 'n groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum professionele en semi-professionele beroepe kies. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat enigste kinders in hoër mate die volle voordeel van die ouers se inkomste het en moontlik besef dat hulle ouers finansieel daartoe in staat sal wees om vir 'n hoër opleiding, wat hulle tot 'n professionele en semi-professionele beroep in staat sal stel, te betaal. Hulle word ook moontlik deur hulle ouers in dié rigting gemotiveer, aangesien daar volgens tabel 3.6 bevind is dat relatief meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge se vaders die middel- en hoër sosio-ekonomiese beroepe beoefen.

### 3.3.3 Dood en egskeiding van ouers

'n Belangrike faktor met betrekking tot leerlinge se vordering en aanpassing op skool is die kwessie of hulle uit gebroke huise kom aangesien die algemene mening is dat sulke leerlinge 'n gevoel van onveiligheid ervaar wanneer huislike omstandighede nie normaal is nie, hetsy deur die dood van een of albei ouers of deur egskeiding of verlating. In tabel 3.8 en 3.9 word gegewens ten opsigte van hierdie twee aspekte weergegee.

TABEL 3.8

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DODD VAN OUIERS

Beskrywing	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Vader en moeder leef	2418	90.5	63286	91.1
Vader oorlede	186	7.0	4543	6.6
Moeder oorlede	45	1.7	1270	1.8
Albei oorlede	21	0.8	314	0.5
TOTAAL	2670	100.0	69413	100.0

$$\chi^2 = 7.728; \quad .05 < P < .10$$



TABEL 3.9  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS EGSKEIDING VAN OUERS

Ouers geskei	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	384	14.4	6393	9.2
Nee	2281	85.6	62907	90.8
TOTAAL	2665	100.0	69300	100.0

85.521; P < .001

Volgens tabel 3.8 is daar 9.5 persent enigste kinders wat een of albei ouers deur die dood verloor het teenoor 8.9 persent van die universum. Hierdie geringe verskil van 0.6 persent meer ondersoekgroepleerlinge is egter nie beduidend nie.

Volgens tabel 3.9 word heelwat groter verskille tussen die ondersoekgroep en die universum gevind. Waar 9.2 persent van die universum se ouers geskei of uitmekaar is, is daar 14.4 persent, dit wil sê 5.2 persent meer enigste kinders as universumkinders wie se ouers van mekaar verwyder is. Dit blyk dus dat egskeiding en vervreemding in 'n hoër mate by gesinne met een kind voorkom as by groter gesinne, indien die ouers van die standerd ses-leerlinge as verteenwoordigend van die bevolking beskou kan word.

Bossard beweer in dié verband: "The presence of children is recognized generally as a deterrent to divorce. To this might be added that the larger the number of children the less the probability of divorce" (3, bl. 107).

Na aanleiding van Bossard se bewering, moet in gedagte gehou word dat die omgekeerde ook waar mag wees, naamlik dat as gevolg van egskeiding daar 'n beperking van die kindertal is, of die ouers het vroeg al besef dat hulle huwelik nie geslaagd is nie met die gevolg dat hulle die kindertal beperk met die oog op 'n moontlike egskeiding.

Dit is onduidelik in watter mate hierdie bevinding verband hou met die vorige bevindings ten opsigte van beroep van vader, woonstelbewoning, stadsbewoning, koshuisinwoning en huistaal van enigste kinders. Verdere ontledings hiervan sal nodig wees om 'n verband, indien enige, te bepaal.

### 3.3.4 Onderwyspeil van ouers

In tabelle 3.10 en 3.11 word die vaders en moeders van die twee groepe se onderwyspeil onderskeidelik aangetoon.

TABEL 3.10  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN VADER

Onderwyspeil	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
St. 6 of laer	331	12.4	11702	16.9
St. 7	114	4.3	3291	4.8
St. 8	363	13.7	9253	13.4
St. 9	62	2.3	1701	2.5
St. 10	417	15.7	9321	13.5
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteitsgraad)	156	5.9	3518	5.1
Universiteitsgraad	196	7.4	4942	7.2
Weet nie	1017	38.3	25295	36.6
TOTAAL	2656	100.0	69023	100.0

47.947; P < .001

TABEL 3.11  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSPEIL VAN MOEDER

Onderwyspeil	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
St. 6 of laer	366	13,7	11859	17,2
St. 7	127	4,8	4130	6,0
St. 8	465	17,5	12526	18,1
St. 9	83	3,1	1867	2,7
St. 10	470	17,6	9590	13,9
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteitsgraad)	170	6,4	3864	5,6
Universiteitsgraad	91	3,4	2352	3,4
Weet nie	892	33,5	22819	33,1
TOTAAL	2664	100,0	69007	100,0

$\chi^2 = 57,322$ ;  $P < ,001$

'n Bindende gevolgtrekking op grond van die resultate van tabelle 3.10 en 3.11 is moeilik weens die hoë persentasie leerlinge wat nie weet wat die onderwyskwalifikasies van hulle ouers is nie. 'n Geringe hoër persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum weet nie wat hulle ouers se onderwyskwalifikasies is nie en dit kom ietwat vreemd voor aangesien dit verwag word dat enigste kinders op 'n meer intieme voet met hulle ouers verkeer en gevolglik beter behoort te weet wat hulle kwalifikasies is. Die resultate van tabelle 3.10 en 3.11 dui egter daarop dat dit nie heeltemal die geval is nie.

Daar kan verder van tabelle 3.10 en 3.11 opgemerk word dat 37,6 persent vaders en 44,0 persent moeders van die universum teenoor 32,7 persent vaders en 39,1 persent moeders van die ondersoekgroep laer kwalifikasies as standaard tien besit. Wat kwalifikasies van standaard tien en hoër betref, word 29,0 persent vaders en 27,4 persent moeders van die ondersoekgroep teenoor 25,8 persent vaders en 22,9 persent moeders van die universum in hierdie kategorieë aangetref.

Daar is dus 'n geringe neiging by die ouers van enigste kinders om hoër onderwyskwalifikasies te besit in vergelyking met ouers van die universum. Hierdie bevinding toon, in die geval van tabel 3.10 (onderwyspeil van vader), 'n verband met die bevinding waartoe in paragraaf 3.3.1 geraak is, naamlik dat 'n hoër persentasie vaders van enigste kinders in vergelyking met universumvaders die middel en hoër sosio-ekonomiese beroepe beklee.

### 3.3.5 Ouers se verwagting van die kind se geleerdheid

In tabel 3.12 word aangetoon hoe ver die ouers wil hê hulle kinders moet leer.

TABEL 3.12  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE OUERS SE VERWAGTING VAN HOE VER HULLE MOET LEER

Kwalifikasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Gee nie juis om nie	64	2,4	1478	2,1
Net totdat ek 16 is en die skool kan verlaat	42	1,6	1380	2,0
Tot st. 7	26	1,0	478	0,7
Tot st. 8	171	6,4	6709	9,7
Tot st. 9	10	0,4	232	0,3
Tot st. 10	660	24,8	21008	30,4
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteitsgraad)	292	11,0	7599	11,0
Totdat ek 'n graad behaal het	901	33,8	17992	26,0
Hulle verkies dat ek self moet besluit	495	18,6	12274	17,8
TOTAAL	2661	100,0	69150	100,0

127.133;  $P < ,001$

Wat kwalifikasies tot en met standaard tien betref, verkies 34.2 persent van enigste kinders se ouers dat hulle dié kwalifikasies moet behaal in vergelyking met 43.1 persent van die universum. Wat kwalifikasies na matriek betref, verkies 44.8 persent van enigste kinders se ouers dat hulle dié kwalifikasies moet behaal teenoor 37.0 persent van die universum. Enigste kinders se ouers het dus hoër verwagtings van hulle kinders as wat die geval met die universum is.

Hierdie hoë verwagting van enigste kinders se ouers ten opsigte van hulle kinders se geleerdheid, kan moontlik aan twee redes toegeskryf word : Eerstens die moontlike besef van die ouers dat hulle weens die afwesigheid van meer kinders oor die nodige finansiële middele sal beskik om die kind die opleiding van hulle keuse te gee. Tweedens verwag ouers met net een kind moontlik dikwels te veel van hulle kind sonder om ag te slaan op sy vermoëns en belangstellings. Bossard stel dit soos volg: "Most children in small families grow up under the shadow, so to speak, of the family level of expectation. Because the parents do so much for the children, they expect a great deal from them in return. Children are pushed to the utmost, often without regard for their capacities, limitations, interests or needs" (6, bl. 89).

'n Redelike groot persentasie, naamlik 18.6 persent enigste kinders se ouers teenoor 17.8 persent van die universum se ouers, laat die keuse aan die kind self oor.

### 3.3.6 Leerlinge se onderwysaspirasies

Terwyl daar in tabel 3.12 aangetoon is hoe ver die ouers wil hê hulle kinders moet leer, verskyn daar in tabel 3.13 besonderhede oor hoe ver die leerlinge self graag sal wil leer.

TABEL 3.13  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE ONDERWYSASPIRASIES

Kwalifikasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Gee nie juis om nie	75	2.8	1604	2.3
Totdat ek 16 is en die skool kan verlaat	67	2.5	2251	3.3
Tot st. 7	21	0.8	579	0.8
Tot st. 8	263	9.9	10033	14.5
Tot st. 9	20	0.8	408	0.6
Tot st. 10	690	25.9	21519	31.1
Verder as st. 10 (uitgesonderd universiteitsgraad)	414	15.6	10984	15.9
Universiteitsgraad	1111	41.7	21752	31.5
TOTAAL	2661	100.0	69130	100.0

$\chi^2 = 160.606; P < .001$

Indien die eerste kategorie "gee nie juis om nie", buite rekening gelaat word, blyk dit dat 39.9 persent enigste kinders teenoor 50.3 persent van die universum met 'n st. 10 of laer kwalifikasie tevrede is, terwyl 57.3 persent enigste kinders en 47.4 persent van die universum na hoër onderwyskwalifikasies aspireer, dit wil sê verder as standaard tien of 'n graad.

Indien tabel 3.13 met tabel 3.12 (ouers se verwagting van die kind se geleerdheid) vergelyk word, blyk dit dat ten opsigte van beide groepe, die leerlinge self hoër aspirasies het as wat hulle ouers van hulle verwag. Dit blyk verder dat, net soos in tabel 3.12 opgemerk is, waar die ondersoekgroep se ouers hoër verwagtings van hulle het as die universum se ouers, die leerlinge in die ondersoekgroep self ook ten opsigte van geleerdheid hoër aspireer as die universum.

Hierdie resultaat hou waarskynlik verband met die bevinding van paragraaf 3.3.4, waar bevind is dat die ondersoekgroep se ouers 'n hoër onderwyspeil as die universum se ouers bereik het.

### 3.3.7 Ouers se finansiële vermoë om kind tot standaard tien te laat leer

In tabel 3.14 word aangedui wat leerlinge se menings is ten opsigte van hulle ouers se finansiële vermoë om hulle tot standaard tien te laat leer.

TABEL 3.14

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE OUIERS SE FINANSIËLE VERMOË OM HULLE TOT STANDERD TIEN TE LAAT LEER

Kan ouers dit bekostig	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	2028	76.5	48492	70.2
Nee	86	3.2	3987	5.8
Weet nie	538	20.3	16568	24.0
TOTAAL	2652	100.0	69047	100.0

$$\chi^2 = 59.338; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.14 blyk dit dat 76.5 persent enigste kinders teenoor 70.2 persent van die universum van mening is dat hulle ouers dit kan bekostig om hulle tot standerd tien te laat leer, dit wil sê 6.3 persent meer enigste kinders meen dat hulle ouers finansieel daartoe in staat is.

Dit is voor-die-hand-liggend dat 'n groter persentasie ouers van enigste kinders dit sal kan bekostig om hulle kinders tot standerd tien te laat leer as wat die geval met ouers van groter gesinne is.

Dit is opvallend dat 'n groot persentasie leerlinge nie weet of hulle ouers dit sal kan bekostig nie, naamlik 20.3 persent en 24.0 persent van die ondersoekgroep en die universum onderskeidelik.

Bossard beweer dat ten spyte van die nadele daaraan verbonde om 'n enigste kind te wees, die enigste kind ook sekere duidelike voordele het, soos byvoorbeeld sy beter ekonomiese posisie in vergelyking met wat dit sou gewees het indien daar ander kinders was (7).

Malherbe het bevind dat die graad van armoede in direkte verhouding met die grootte van die gesin toeneem en sy gevolgtrekking was dat as ouers wil hê dat hulle kinders 'n deeglike opleiding moet geniet, hulle genoodsaak sal wees om hulle kindertal te beperk (1). Malherbe se ondersoek is egter in 1932 gedoen, en daar is volgens latere navorsing (31, 32) aanduidings dat die eertydse sterk negatiewe verband tussen inkomste en fertiliteit sedert die naoorlogse jare grootliks verminder het, deurdat 'n positiewe verband besig is om te ontwikkel.

### 3.3.8 Ouers se finansiële vermoë om kind universiteit toe te stuur

Kinders se menings oor hulle ouers se finansiële vermoë om universiteitsopleiding te bekostig, word in tabel 3.15 aangetoon.

TABEL 3.15

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE OUIERS SE FINANSIËLE VERMOË OM UNIVERSITEITSOPLEIDING TE BEKOSTIG

Kan ouers dit bekostig	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	1276	47.9	25806	37.5
Nee	305	11.4	11956	17.3
Weet nie	1083	40.7	31122	45.2
TOTAAL	2664	100.0	68884	100.0

$$\chi^2 = 28.822; \quad P < .001$$

Dieselfde neiging wat in tabel 3.14 gevind is, kan ook in tabel 3.15 waargeneem word, naamlik dat 'n groter persentasie ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge van mening is dat hulle ouers dit kan bekostig om hulle 'n universiteitsopleiding te laat ondergaan.

Daar is 47.9 persent enigste kinders teenoor 37.5 persent van die universum wat beweer dat hulle ouers dit kan bekostig om hulle universiteit toe te stuur. Volgens die leerlinge se oordeel is daar dus 10.4 persent meer enigste kinders se ouers wat finansieel daartoe in staat is om hulle universiteit toe te stuur vergeleke met die universum.

In vergelyking met tabel 3.14 is daar twee keer soveel kinders wat nie weet of hulle ouers universiteitsopleiding kan bekostig nie.

### 3.3.9 Buitenshuise werk van moeder

In tabel 3.16 word aangetoon watter persentasie van die ondersoekgroep en die universum se moeders buitenshuis werk.

TABEL 3.16

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BUITENSHUISE WERK VAN MOEDER

Werk moeder	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	1204	45,1	23320	33,7
Nee	1463	54,9	45897	66,3
TOTAAL	2667	100,0	69217	100,0

$$\chi^2 = 156.599; \quad P < .001$$

Daar is 'n aansienlike groter persentasie moeders van enigste kinders wat werk as wat met die universum die geval is. Byna die helfte (45,1%) van die enigste kinders se moeders werk, dit wil sê 11,4 persent meer as in die geval van die universum.

Dat 'n groter persentasie moeders van enigste kinders werk, kan toegeskryf word aan die feit dat daar net een kind is en dié reeds in standerd ses is. Dit is gevolglik vir die moeder makliker om buitenshuise werk te verrig as wat die geval sou gewees het indien daar meer kinders was.

### 3.3.10 Beskikbaarheid van hulp tuis met huiswerk

In tabel 3.17 word aangetoon of daar, volgens die leerlinge se mening, iemand tuis is wat aan hulle hulp kan verleen indien hulle moeilikheid met hulle huiswerk ondervind.

TABEL 3.17

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BESKIKBAARHEID VAN HULP MET HUISWERK

Hulp beskikbaar	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	2166	81,2	59320	85,6
Nee	500	18,8	9998	14,4
TOTAAL	2666	100,0	69318	100,0

$$\chi^2 = 40.521; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.17 is daar 81,2 persent enigste kinders en 85,6 persent van die universum wat iemand tuis het wat hulle kan help as hulle moeilikheid met huiswerk ondervind. Daar is met ander woorde 18,8 persent enigste kinders en 14,4 persent van die universum vir wie daar nie hulp met huiswerk beskikbaar is nie.

Die rede vir die groter persentasie enigste kinders wat nie hulp met hulle huiswerk het nie, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n groter persentasie enigste kinders se moeders werk (kyk tabel 3.16).

Dit is ietwat onverklaarbaar waarom moeders van gesinne waar net een kind is en daar gevolglik reeds 'n finansiële voorsprong op gesinne met meer kinders is, in 'n groter mate buitenshuise werk onderneem as ander moeders. Dit sou verwag word dat sy, in 'n poging om deur middel van 'n bykomstige verdienste 'n beter toekoms vir die kind te verseker, doeltreffender reëlins vir hulp met sy huiswerkprobleme sou tref.

### 3.3.11 Beskikbaarheid van tyd vir huiswerk

In tabel 3.18 word leerlinge se responsies op die vraag "Kry jy genoeg tyd tuis om jou skoolwerk so goed as moontlik te doen?" weergegee.



TABEL 3.18

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE GENOEG TYD TUIS KRY OM HULLE HUISWERK SO GOED AS MOONTLIK TE DOEN

Genoeg tyd vir huiswerk	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	2464	92.5	64264	92.7
Nee	201	7.5	5092	7.3
TOTAAL	2665	100.0	69356	100.0

$$X^2 = 0.157; \quad .50 < P < .70$$

Die geringe verskille wat tussen die enigste kinders en die universum aangetref word, is nie beduidend nie.

### 3.3.12 Tevredenheid met sakgeld

In tabel 3.19 word aangetoon of die leerlinge meen dat hulle genoeg sakgeld kry.

TABEL 3.19

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TEVREDENHEID MET SAKGELD

Genoeg sakgeld	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	2368	88.7	59738	86.3
Nee	300	11.3	9500	13.7
TOTAAL	2668	100.0	69238	100.0

$$X^2 = 13.821; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.19 is daar 11.3 persent van die enigste kinders teenoor 13.7 persent van die universum wat beweer dat hulle nie genoeg sakgeld ontvang nie.

Daar moet in aanmerking geneem word dat "genoeg" sakgeld geen aanduiding is van die hoeveelheid sakgeld wat enigste kinders in vergelyking met die universum ontvang nie. Al afleiding wat gemaak kan word, is dat enigste kinders in 'n klein mate meer (2.4% meer) tevrede is met hulle sakgeld as ander kinders. Dit is waarskynlik ook 'n weerspieëling van die effens beter finansiële posisie van enigste kinders, soos blyk uit paragrawe 3.3.1 (beroep van vader), 3.3.7 (ouers se finansiële vermoë om die kind tot standerd tien te laat leer) en 3.3.8 (ouers se finansiële vermoë om universitietsopleiding te bekostig).

### 3.3.13 Werk vir sakgeld

Gegewens ten opsigte van die feit of leerlinge vir sakgeld werk, word in tabel 3.20 weergegee.

TABEL 3.20

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE VIR HULLE SAKGELD WERK

Werk vir sakgeld	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	658	24.6	22968	33.1
Somtyds	1421	53.2	33685	48.6
Nee	593	22.2	12727	18.3
TOTAAL	2672	100.0	69380	100.0

$$X^2 = 91.404; \quad P < .001$$

Dit blyk dat 24.6 persent enigste kinders teenoor 33.1 persent van die universum vir hulle sakgeld werk. Dat 'n kleiner persentasie enigste kinders vir hulle sakgeld werk, hou waarskynlik verband met die feit dat hulle oorwegend stedelinge is (par. 3.2.4) en meer in woonstelle en losieshuise of hotelle woon (par. 3.2.5), waar daar nie soveel geleentheid vir werk is nie.

### 3.4 SKOOLAANGELEENTHEDE

#### 3.4.1 Soort skool

Die gegewens ten opsigte van die soort skool wat leerlinge bywoon, word in tabel 3.21 weergegee.

TABEL 3.21  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SOORT EN BEHEER VAN SKOOL IN 1965

Soort skool	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Provinsiale skool:				
(i) Gewone skool	2096	78.2	58893	84.7
(ii) Landbou-skool	20	0.8	728	1.0
Tegniese skool/Tegniese kollege	111	4.1	3505	5.0
Hoër huishoudskool	5	0.2	314	0.5
Provinsiaal-ondersteunde skool:				
(i) Gewone skool	21	0.8	367	0.5
(ii) Kerkskool	51	1.9	625	0.9
Privaatskool:				
(i) Gewone skool	128	4.8	1786	2.6
(ii) Kerkskool	247	9.2	3309	4.8
TOTAAL	2679	100.0	69527	100.0

$$\chi^2 = 220.294; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.21 blyk dit dat 'n groter persentasie enigste kinders privaatskole bywoon en 'n kleiner persentasie provinsiale skole bywoon in vergelyking met die universumverdeling.

Hierdie resultaat word moontlik verklaar deur die feit dat daar na verhouding meer Engelssprekendes en anderstaliges onder enigste kinders is as wat volgens die universumverdeling verwag sou word (kyk par. 3.2.2) en in Suid-Afrika word onderrig in privaat-skole hoofsaaklik deur medium van Engels gegee.

Die groter persentasie enigste kinders wat privaatskole bywoon, kan moontlik ook aan finansiële faktore toegeskryf word, deurdat dit 'n oer meer kos om sy kind 'n privaatskool te laat bywoon as 'n gewone skool en hou verband met die bevinding dat enigste kinders finansiëel in 'n beter posisie as ander kinders verkeer (kyk paragrafe 3.3.7 en 3.3.8).

#### 3.4.2 Area waar skool geleë is

In tabel 3.22 word die area waar die skool geleë is, aangetoon, dit wil sê stad, dorp of plaas.

TABEL 3.22  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS AREA WAAR SKOOL GELEË IS

Area	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Stad of stedelike gebied	1796	67.0	40235	57.9
Dorp	812	30.3	27542	39.6
Plaas	71	2.7	1751	2.5
TOTAAL	2679	100.0	69528	100.0

$$\chi^2 = 97.654; \quad P < .001$$

Die groter persentasie ondersoekgroepleerlinge (67.0%) as universumleerlinge (57.9%) wat in stede skoolgaan, hou verband met die bevinding dat die enigste kinders se ouers hoofsaaklik in stede woon (kyk paragraaf 3.2.4).

#### 3.4.3 Ouderdom met eerste toetreding tot skool

In tabel 3.23 word aangetoon hoe oud die leerlinge was toe hulle vir die eerste keer skool toe gegaan het.

TABEL 3.23

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS OUDERDOM MET EERSTE TOETREDE TOT DIE SKOOL

Ouderdom	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
5 jaar en jonger	1064	39.8	25588	36.9
6 jaar	1310	49.0	36124	52.0
7 jaar	283	10.6	7185	10.4
8 jaar en ouer	17	0.6	500	0.7
TOTAAL	2674	100.0	69397	100.0

$$\chi^2 = 11.403; \quad .01 < P < .001$$

In vergelyking met die universum is daar 'n groter persentasie enigste kinders (2.9% meer) wat die skool op 'n betreklik vroeë ouderdom vir die eerste keer besoek het, naamlik op 5-jaarige ouderdom of jonger.

Hierdie bevinding is teenstrydig met dié van Bohannon wat bevind het dat enigste kinders op 'n later ouderdom as ander kinders skool toe gaan (9).

#### 3.4.4 Bywoning van 'n kleuterskool

Die gegewens ten opsigte van kleuterskoolbywoning word in tabel 3.24 weergegee.

TABEL 3.24

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS KLEUTERSKOOBYWONING

Kleuterskoolbywoning	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	875	32.7	12748	18.4
Nee	1797	67.3	56669	81.6
TOTAAL	2672	100.0	69317	100.0

$$\chi^2 = 366.919; \quad P < .001$$

Daar is 32.7 persent enigste kinders teenoor 18.4 persent van die universum wat 'n kleuterskool bygewoon het, dit wil sê 'n 14.3 persent meerderheid ten gunste van enigste kinders.

Moontlike redes vir die heelwat groter persentasie enigste kinders wat in kleuterskole was, kan wees as gevolg van die feit dat 'n groter persentasie moeders van enigste kinders buitenshuis werk (kyk par. 3.3.9), die effens beter finansiële posisie van die gesin (kyk paragrawe 3.3.1, 3.3.7 en 3.3.8) en die praktiese situasie dat hulle meer stedelik is (kyk paragrawe 3.2.4 en 3.4.2) en kleuterskole veral in stede voorkom.

Interessant in hierdie verband is Taylor se bevinding dat wanneer 'n enigste kind nie 'n kleuterskool bywoon nie, hy, wanneer hy skoolgaande ouderdom bereik, probleme sal ondervind om aan te pas by 'n sekondêre groep, wie se gedrag anders as syne is (20). Volgens hom sal òf sosiale wanaanpassing dan ontstaan òf daar bestaan die moontlikheid dat hy persoonlikheidsprobleme sal ontwikkel. Dit blyk dus dat volgens Taylor, dit wenslik is dat enigste kinders kleuterskole besoek.

#### 3.4.5 Getal skole bygewoon

Besonderhede oor die getal skole wat die leerlinge bygewoon het, verskyn in tabel 3.25. Daar word slegs geringe verskille tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref en die verskille is nie beduidend nie.

TABEL 3.25

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL SKOLE BYGEWOON

Getal skole bygewoon	Enigste kinders		Universeum	
	N	%	N	%
1 skool	231	8.6	5285	7.6
2 skole	958	35.8	24461	35.6
3 skole	742	27.8	19107	27.6
4 skole	369	13.8	10167	14.7
5 of meer skole	373	14.0	10062	14.5
TOTAAL	2673	100.0	69082	100.0

$$\chi^2 = 5.652; \quad .20 < P < .30$$

3.4.6 Druiping op skool

In tabel 3.26 word besonderhede ten opsigte van druijing op skool weergegee.

TABEL 3.26

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL KERE OP SKOOL GEDRUIP

Getal kere gedruip	Enigste kinders		Universeum	
	N	%	N	%
Nooit	1972	73.8	49038	70.7
1 keer	526	19.7	14428	20.8
2 keer	134	5.0	4896	7.1
3 keer	35	1.3	864	1.2
4 keer of meer	6	0.2	160	0.2
TOTAAL	2673	100.0	69386	100.0

$$\chi^2 = 21.141; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.26 het 73.8 persent enigste kinders en 70.7 persent van die universeum nog nooit gedruip nie, dit wil sê 26.2 persent enigste kinders en 29.3 persent van die universeum het al op skool gedruip, hetsy een of meer kere. Drie punt een persent minder enigste kinders het dus op skool gedruip in vergelyking met die universeum.

Dit blyk dus dat enigste kinders in vergelyking met die universeum effens beter op skool vorder.

## 3.5 BUITEMJURSE AKTIWITEITE EN STOKPERDJIES

3.5.1 Soort leesstof verkies

In tabel 3.27 word aangetoon watter soort leesstof leerlinge voorkeur aan gee.

TABEL 3.27

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS LEESSTOF WAT HULLE VERKIES

Leesstof	Enigste kinders		Universeum	
	N	%	N	%
Hou nie van lees nie	148	5.5	4134	6.0
Biblioteekboeke	1666	62.4	41973	60.4
Tydskrifte	362	13.5	9228	13.3
Strokiesverhale	365	13.7	9670	13.9
Koerante	130	4.9	4462	6.4
TOTAAL	2671	100.0	69467	100.0

$$\chi^2 = 12.779; \quad .01 < P < .02$$

Die grootste verskille tussen die ondersoekgroep en die universeum word aangetref in die geval van biblioteekboeke, waar 2.0 persent meer enigste kinders hierdie leesstof verkies en koerante, waar 1.5 persent meer universeumleerlinge hieraan voorkeur gee.

3.5.2 Tydsbesteding aan buitemuurse aktiwiteite

Gegewens ten opsigte van buitemuurse tydsbesteding verskyn in tabel 3.28.

TABEL 3.28

VEROELING VAN LEERLINGE VOLGENS TYD AAN BIJTEMUURSE AKTIWITEITE BESTEE

Tyd per week	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Neem glad nie deel nie	610	22.9	16017	23.1
4 uur of minder	1073	40.2	27718	40.0
5 - 9 uur	650	24.3	17067	24.7
10 - 14 uur	226	8.5	5539	8.0
15 - 19 uur	65	2.4	1798	2.6
20 uur of meer	45	1.7	1107	1.6
TOTAAL	2669	100.0	69246	100.0

$$\chi^2 = 1.328; \quad .90 < P < .95$$

Die verskil tussen enigste kinders en die universum is in al die gevalle klein en onbeduidend.

3.5.3 Naskoolse lesse

In tabel 3.29 word aangetoon hoeveel leerlinge naskoolse lesse soos musiek, ballet, ensovoorts ontvang.

TABEL 3.29

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE NASKOOLSE LESSE ONTVANG

Naskoolse lesse	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	837	31.3	16930	24.4
Nee	1835	68.7	52384	75.6
TOTAAL	2672	100.0	69314	100.0

$$\chi^2 = 68.912; \quad P < .001$$

Oaar is 31.3 persent enigste kinders en 24.4 persent van die universum wat naskoolse lesse ontvang. Oaar is dus 6.9 persent meer enigste kinders wat naskoolse lesse, soos ballet of musiek ontvang as universumleerlinge.

Die groter persentasie enigste kinders wat naskoolse lesse ontvang, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle ouers finansiell beter daartoe in staat is om vir sulke bykomstige aktiwiteite wat gewoonlik kultureel van aard en betreklik duur is, te betaal. Hulle word moontlik ook meer deur hulle ouers in dié rigting gemotiveer. Verder is die beskikbaarheid van sodanige lesse ook groter in stede as op die platteland en daar is volgens paragraaf 3.2.4 bevind dat enigste kinders in 'n groot mate 'n stedelike verskynsel is. Hurlock het bevind dat enigste kinders 'n groter belangstelling in musiek en teken getoon het as ander kinders (13).

3.5.4 Stokperdjies

In tabel 3.30 word aangetoon hoeveel leerlinge die 10 gemelde stokperdjies beoefen en hoeveel van hulle ook nog ander stokperdjies beoefen.

TAFEL 3.30

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE STOKPERDJIES WAT HULLE BEEFEN

Stokperdjies	Enigste kinders		Universum		
	N	%	N	%	
(a) Versameling van artikels					
Ja	1855	69.5	44961	64.8	$\chi^2 = 25.747;$
Nee	815	30.5	24439	35.2	
TOTAAL	2670	100.0	69400	100.0	$P < .001$
(b) Bou van modelle					
Ja	1150	43.1	24909	35.9	$\chi^2 = 59.364;$
Nee	1521	56.9	44469	64.1	
TOTAAL	2671	100.0	69378	100.0	$P < .001$
(c) Aanhou van troeteldiere					
Ja	2237	83.5	57751	83.2	$\chi^2 = 0.261;$
Nee	441	16.5	11692	16.8	
TOTAAL	2678	100.0	69443	100.0	$.80 < P < .70$
(d) Handwerk					
Ja	1767	66.1	49728	71.6	$\chi^2 = 40.184;$
Nee	906	33.9	19693	28.4	
TOTAAL	2673	100.0	69421	100.0	$P < .001$
(e) Fotografie					
Ja	626	23.4	11755	16.9	$\chi^2 = 79.393;$
Nee	2050	76.6	57665	83.1	
TOTAAL	2676	100.0	69420	100.0	$P < .001$
(f) Kuns					
Ja	826	30.9	19638	28.3	$\chi^2 = 8.795;$
Nee	1850	69.1	49791	71.7	
TOTAAL	2676	100.0	69429	100.0	$.001 < P < .01$
(g) Lees					
Ja	2218	83.0	56626	81.5	$\chi^2 = 3.726;$
Nee	455	17.0	12829	18.5	
TOTAAL	2673	100.0	69455	100.0	$.05 < P < .10$
(h) Korrespondensie					
Ja	831	31.1	20986	30.2	$\chi^2 = 0.891;$
Nee	1843	68.9	48415	69.8	
TOTAAL	2674	100.0	69401	100.0	$.30 < P < .50$
(i) Tuinmaak					
Ja	1054	39.4	31427	45.3	$\chi^2 = 37.406$
Nee	1622	60.6	37991	54.7	
TOTAAL	2676	100.0	69418	100.0	$P < .001$
(j) Met gereedskap werk					
Ja	1585	59.3	42044	60.6	$\chi^2 = 1.831;$
Nee	1087	40.7	27338	39.4	
TOTAAL	2672	100.0	69382	100.0	$.10 < P < .20$
(k) Ander stokperdjies					
Ja	1589	59.6	38926	56.2	$\chi^2 = 12.447;$
Nee	1079	40.4	30376	43.8	
TOTAAL	2668	100.0	69302	100.0	$P < .001$

Volgens tabel 3.30 beoefen 'n groter persentasie onderzoekgroepleerlinge as universumleerlinge die volgende stokperdjies : Versameling van artikels, bou van modelle, fotografie en kuns. Ten opsigte van handwerk en tuinmaak is daar 'n kleiner persentasie onderzoekgroepleerlinge wat hierdie stokperdjies beoefen, terwyl daar in die geval van troeteldiere, lees, korrespondensie en handwerk geen beduidende verskille tussen die groepe is nie. Daar kan verder van tabel 3.30 opgemerk word dat daar 'n hoër persentasie universumleerlinge (59.6%) as universumleerlinge (56.2%) is wat ook ander stokperdjies het as dié wat in tabel 3.30 genoem word. Die orde van voorkeur aan die verskillende stokperdjies is vir beide groepe ongeveer dieselfde.

Die kleiner persentasie universumleerlinge in vergelyking met universumleerlinge wat handwerk en tuinmaak as stokperdjies beoefen, kan moontlik aan woonomstandighede toegeskryf word, aangesien daar bevind is dat 'n groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum in woonstelle en losieshuise of hotelle woonagtig is (kyk par. 3.2.5) en dus nie in dieselfde mate as leerlinge van die universum hierdie stokperdjies kan beoefen nie.

Die groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum wat modelle bou en fotografie en kuns as stokperdjies beoefen, kan moontlik verklaar word in die lig van die feit dat enigste kinders se ouers finansiële beter in staat is om die nodige geld vir sodanige stokperdjies te voorsien as wat die geval met ouers van groter gesinne sal wees. Die populariteit van hierdie drie stokperdjies is egter laag en hou moontlik verband met die jeugdige ouderdom van die leerlinge, aangesien dit vir die meeste van hulle te gevorderd mag wees. Dieselfde argument kan aangevoer word ten opsigte van korrespondensie met penvriende, waar 31.1 persent enigste kinders en 30.2 persent leerlinge van die universum hierdie stokperdjies beoefen.

### 3.5.5 Getal stokperdjies

In tabel 3.31 word aangetoon hoeveel stokperdjies die leerlinge beoefen.

TABEL 3.31  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL STOKPERDJIES

Getal stokperdjies	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Geen	200	7.5	6081	8.8
Een	489	18.3	15537	22.4
Twee	703	26.3	19641	28.3
Drie	568	21.3	13354	19.3
Vier of meer	712	26.6	14710	21.2
TOTAAL	2672	100.0	69323	100.0

$$\chi^2 = 71.662; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.31 is daar 'n hoër persentasie enigste kinders as die universum wat baie stokperdjies het. Daar is naamlik 21,3 persent enigste kinders teenoor 19,3 persent leerlinge van die universum wat drie stokperdjies het en 26,6 persent universumleerlinge teenoor 21,2 persent universumleerlinge wat vier of meer stokperdjies het.

Enigste kinders het moontlik meer stokperdjies omdat hulle nie soos in die geval van die universum broers en susters het om mee te speel nie. Hulle het gevolglik meer tyd om aan stokperdjies te bestee wat moontlik ook as kompensasie dien vir die gebrek aan die sosiale verkeer van broers en susters. Soos reeds gemeld, het die enigste kind ook die volle voordeel van sy ouers se inkomste en is daar moontlik dus meer geld vir stokperdjies beskikbaar.

### 3.5.6 Aktiwiteit waarvan leerlinge die meeste hou

In tabel 3.32 word leerlinge se responsies op die vraag : "Van watter aktiwiteit hou jy die meeste?" aangedui:

Die drie populêrste aktiwiteite by albei groepe is sport, stokperdjies en lees in hierdie volgorde. Die grootste verskil tussen die twee groepe kom voor in die geval van sport, bioskoop en stokperdjies. 'n Kleiner persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum verkies sport, terwyl 'n geringe groter persentasie enigste kinders bioskoop en stokperdjies verkies.

TABEL 3.32

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE AKTIWITEIT WAARVAN HULLE DIE MEESTE HOU

Aktiwiteit	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Sport	691	25,9	20327	29,3
Na plate en radio te luister	394	14,7	9992	14,4
Musiekinstrument bespeel	228	8,5	5407	7,8
Bioskoop	238	8,9	5315	7,6
Boeke lees	413	15,5	10734	15,5
Kuier by vriende	108	4,0	2833	4,1
Met stokperdjie besig	601	22,5	14805	21,3
TOTAAL	2673	100,0	69413	100,0

$$\chi^2 = 19,969; \quad .001 < P < .01$$

## 3.6 HOUDINGS

3.6.1 Houding teenoor godsdien

Gegewens ten opsigte van leerlinge se houding teenoor godsdien word in tabel 3.33 weergegee.

TABEL 3.33

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TENOOR GODSDIENS

Houding	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Het geen waarde nie	61	2,3	1050	1,5
Weet nie	760	28,5	14884	21,5
Het baie waarde	1849	69,2	53436	77,0
TOTAAL	2670	100,0	69370	100,0

$$\chi^2 = 92,587; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.33 is daar 'n hoër persentasie enigste kinders as universumleerlinge wat beweer dat godsdien vir hulle van geen waarde is nie en onseker is oor hulle houding teenoor godsdien.

3.6.2 Houding teenoor skoolgaan

In tabel 3.34 word aangetoon wat die leerlinge se houding teenoor skoolgaan is.

TABEL 3.34

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TENOOR SKOOLGAAN

Houding	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Hou baie daarvan	1237	46,3	28829	41,6
Hou nie te veel daarvan nie	1309	49,0	36873	53,1
Hou niks daarvan nie	124	4,7	3669	5,3
TOTAAL	2670	100,0	69371	100,0

$$\chi^2 = 25,284; \quad P < .001$$

Dit blyk volgens tabel 3.34 dat 'n hoër persentasie enigste kinders van skoolgaan hou, deurdat 46,3 persent ondersoekgroepleerlinge teenoor 41,6 persent universumleerlinge verklaar dat hulle baie van skoolgaan hou. 'n Moontlike verklaring vir die verskynsel dat 'n groter persentasie enigste kinders meer van skoolgaan hou, kan wees dat hulle nie broers of susters tuis het nie. Die skool bied dus aan hulle die geleentheid tot sosiale verkeer wat hulle tuis moet ontbeer.



### 3.6.3 Houding teenoor huiswerk

In tabel 3.35 word aangedui wat leerlinge se houding teenoor huiswerk is.

TABEL 3.35  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENoor HUISWERK

Houding	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Het nie veel waarde nie	226	8.5	4097	5.9
Doen dit om straf te vermy	495	18.5	12409	17.9
Leer daardeur om op hul eie te werk	1950	73.0	52873	76.2
TOTAAL	2671	100.0	69379	100.0

$$X^2 = 33.769; \quad P < .001$$

Alhoewel die meerderheid enigste kinders, sowel as die universum 'n positiewe houding teenoor huiswerk het, is daar tog ook 'n groot persentasie wat negatief daarteenoor staan, naamlik 27.0 persent enigste kinders en 23.8 persent van die universum. Daar is dus 3.2 persent meer enigste kinders wat dink dat huiswerk nie veel waarde het nie, of huiswerk doen net om straf te vermy.

Die ouers van enigste kinders het moontlik 'n aandeel in hulle meer negatiewe houding teenoor huiswerk, aangesien daar bevind is dat 'n hoër persentasie enigste kinders verklaar dat daar nie vir hulle tuis hulp beskikbaar is indien hulle moeilikheid met hulle huiswerk ondervind nie (kyk par. 3.3.10).

### 3.6.4 Houding teenoor sport

In tabel 3.36 verskyn besonderhede van leerlinge se houding teenoor sport.

TABEL 3.36  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENoor SPORT

Houding	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Hou niks van sport nie	177	6.6	3701	5.3
Nie seker of hy van sport hou nie	675	25.3	16401	23.7
Hou baie van sport	1818	68.1	49256	71.0
TOTAAL	2670	100.0	69358	100.0

$$X^2 = 14.603; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.36 is daar 68.1 persent enigste kinders teenoor 71.0 persent van die universum wat baie van sport hou en 31.9 persent enigste kinders teenoor 29.0 persent van die universum wat onseker is oor hulle houding teenoor sport, of glad nie van sport hou nie.

Volgens die gegewens van paragraaf 3.6.4 en ook dié van paragraaf 3.5.6 wil dit dus voorkom asof enigste kinders minder van sport hou in vergelyking met die universum.

### 3.6.5 Houding teenoor geleerdheid

Leerlinge se houding teenoor geleerdheid word in tabel 3.37 aangetoon.

Wat hulle houding teenoor geleerdheid betref, word daar slegs geringe verskille tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref, wat nie beduidend is nie.

TABEL 3.37

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HOUDING TEENOR GELEERDHEID

Houding	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Het nie veel waarde nie	18	0.7	552	0.8
Weet nie	255	9.5	7456	10.7
Stel mens in staat om die beste van die lewe te maak	2399	89.8	61377	88.5
TOTAAL	2672	100.0	69385	100.0

$$\chi^2 = 4,624; \quad .05 < P < .10$$

3.6.6 Houding teenoor skoolreëls

Besonderhede oor die leerlinge se houding teenoor skoolreëls verskyn in tabel 3.38.

TABEL 3.38

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE RESPANSIES OP DIE STELLING "ELKE KIND MOET SKOOLREËLS GEHOORSAAM"

Resposie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	2314	86.5	62183	89.5
Nie noodwendig nie	343	12.8	6779	9.8
Nee	18	0.7	485	0.7
TOTAAL	2675	100.0	69447	100.0

$$\chi^2 = 28.455; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.38 is daar 86.5 persent enigste kinders teenoor 89.5 persent van die universum wat meen dat skoolreëls gehoorsaam moet word, met ander woorde 3.0 persent minder enigste kinders is dié mening toegedaan. Daar is verder 12.8 persent enigste kinders teenoor 9.8 persent leerlinge van die universum wat van mening is dat skoolreëls nie noodwendig gehoorsaam moet word nie en slegs 0.7 persent van beide groepe verklaar dat skoolreëls nie gehoorsaam moet word nie.

Skrywers soos Neal (25) en Fenton (8) beweer dat, volgens die populêre opvatting, enigste kinders meer geneig is om bederf, asosiaal, aggressief en rebellerend van geaardheid te wees en dat hulle gewoon is om hulle sin te kry. Dit is in ooreenstemming met die afleiding wat van tabel 3.38 gemaak kan word, naamlik dat enigste kinders 'n minder positiewe houding teenoor skoolreëls openbaar in vergelyking met die universum.

'n Moontlike verklaring vir bogenoemde bevinding word in Bossard se mening oor die sosialiseringinvloed van broers en susters gevind (3). Volgens hom verskaf die groot familie altyd 'n goeie sosialiseringproses en dit veroorsaak dat sekere gewenste eienskappe soos "fair play", om goed met andere oor die weg te kom, om te luister na ander mense, selfbeheersing en selfdissipline aangeleer word.

3.6.7 Begeerte om 'n leier te wees

Leerlinge se responsies op die vraag "Wil jy graag die leier van 'n groep of span wees?" verskyn in tabel 3.39.

Daar word weinig verskil tussen die ondersoekgroep en die universum gevind wat betref begeerte om 'n leier te wees en die gevolgtrekking kan gemaak word dat die begeerte om 'n leier te wees, by standaard ses-leerlinge geen verband hou met die feit dat 'n persoon die enigste kind is of nie.

TABEL 3.39

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS BEGEERTE OM 'N LEIER TE WEES

Begeerte om 'n leier te wees	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	1248	46,8	31456	45,3
Weet nie	753	28,2	19508	28,1
Nee	668	25,0	18458	26,6
TOTAAL	2669	100,0	69422	100,0

$$\chi^2 = 3.690 \quad .10 < P < .20$$

## 3.7 GESONDHEID

Sommige skrywers is van mening dat enigste kinders se gesondheidstoestand swakker as dié van kinders uit groter gesinne is. Bohannon het byvoorbeeld 'n pessimistiese siening van enigste kinders en hy beweer dat hulle onmiskenbaar ondergemiddeld is wat gesondheid en lewenslustigheid betref en dat die families van enigste kinders baie onderhewig is aan fisieke en psigiese ongesteldhede (9).

Wexberg, soos aangehaal deur Fenton, skilder die prentjie oor enigste kinders nog donkerder. Hy beweer: "For the great majority of nervous children that one sees at home, at school, in the physician's consultation rooms belong in this class. It is important to know that only children are particularly imperilled under all circumstances" (8, bl. 552).

Besonderhede oor leerlinge se gesondheid word in tabelle 3.40, 3.41 en 3.42 aangetoon. Bogenoemde tabelle handel oor hulle algemene gesondheidstoestand, spesifieke kwale en die getal dae wat hulle gedurende die jaar van die skool afwesig was.

TABEL 3.40

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ALGEMENE GESONDHEIDSTOESTAND

Gesondheidstoestand	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Goed	1806	67,6	47439	68,3
Redelik	799	29,9	20484	29,5
Baie swak	65	2,5	1478	2,2
TOTAAL	2670	100,0	69401	100,0

$$\chi^2 = 1.516; \quad .30 < P < .50$$

TABEL 3.41

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SPESIFIEKE KWALE WAARMEE HULLE MOEILIKHEID ONDERVIND

Kwale	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Nie van toepassing nie	1714	64,4	47074	68,1
Spraakgebreke	75	2,8	2140	3,1
Uiterlike liggaamsgebreke	45	1,7	1113	1,6
Swak hart	33	1,2	831	1,2
Asma	83	3,1	1942	2,8
Oorgewig	121	4,5	1985	2,9
Vallende siekte	7	0,3	291	0,4
Hardhorendheid	31	1,2	846	1,2
Swaksiendheid	184	6,9	3908	5,7
Ander kwale	369	13,9	8985	13,0
TOTAAL	2662	100,0	69115	100,0

$$\chi^2 = 43.700; \quad P < .001$$

TABEL 3.42

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GETAL DAE VAN DIE SKOOL AFWESIG

Getal dae afwesig	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
0 tot 4 dae	1865	69.9	50217	72.5
5 tot 9 dae	442	16.6	11129	16.1
10 tot 14 dae	169	6.3	4091	5.9
15 tot 19 dae	80	3.0	1695	2.4
20 of meer dae	113	4.2	2115	3.1
TOTAAL	2669	100.0	69247	100.0

$$\chi^2 = 19.231; \quad P < .001$$

Volgens tabel 3.40 is die ondersoekgroep se algemene gesondheidstoestand slegs effens swakker as die van die universum, maar die verskil is onbeduidend.

Volgens die gegewens van tabel 3.41 het 64.4 persent enigste kinders en 68.1 persent van die universum aangedui dat hulle geen probleme ten opsigte van fisieke en psigiese kwale ondervind nie. Hiervolgens is daar 3.7 persent meer enigste kinders wat aangedui het dat hulle probleme ten opsigte van bogenoemde kwale ondervind.

Spraakgebreke en vallende siekte toon 'n geringe persentasie meerderheid in die geval van die universum in vergelyking met enigste kinders. In die geval van al die ander kwale toon enigste kinders 'n hoër persentasie van voorkoms in vergelyking met die universum alhoewel die verskil in persentasies nie groot is nie.

Die grootste verskille tussen die twee groepe is in die geval van oorgewig, swaksiendheid en ander kwale waar 1.6 persent, 1.2 persent en 0.9 persent meer enigste kinders hierdie ongesteldhede as 'n probleem ondervind.

In tabel 3.42, waar aangedui word hoeveel dae leerlinge gedurende 1965 van die skool afwesig was, blyk dit dat ten opsigte van die eerste indeling (0 tot 4 dae) 69.9 persent enigste kinders en 72.5 persent van die universum 0 tot 4 dae gedurende die jaar van die skool afwesig was. In al die ander gevalle was enigste kinders, in vergelyking met die universum, meer dae afwesig. Enigste kinders was gemiddeld ongeveer vyf dae per jaar afwesig teenoor 'n gemiddelde van ongeveer vier dae in die geval van die universum.

Hiervolgens blyk dit dat enigste kinders die skool in 'n geringe mate minder gereeld bywoon, in vergelyking met die universum. Bohannon het ook bevind dat enigste kinders meer van die skool afwesig is as ander kinders (9).

Volgens die gegewens van die bostaande tabelle blyk dit dat skrywers soos Bohannon en Wexberg in 'n mate reg is wanneer hulle beweer dat enigste kinders meer gesondheidsprobleme as ander kinders het, maar volgens die bevindinge van hierdie ondersoek blyk dit dat die prentjie nie heeltemal so donker is as wat hulle dit skilder nie.

### 3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ondersoekgroep bestaande uit 2679 enigste kinders met die universum van 69908 standaard ses-leerlinge vergelyk aan die hand van vrae wat aan hulle in die Biografiese Vraelys gestel is. Sodoende is 'n beeld van hulle biografiese agtergrond verkry. Die vernaamste bevindinge is die volgende:

#### 3.8.1 Gewone biografiese besonderhede

(a) In vergelyking met die verhouding van seuns en dogters in die universum, is daar beduidend meer seuns as dogters wat enigste kinders is.

(b) Enigste kinders kom in 'n baie hoër mate uit nie-Afrikaanssprekende as uit Afrikaanssprekende huise.

(c) 'n Groter persentasie enigste kinders woon by hulle ouers en 'n kleiner persentasie in koshuise in vergelyking met die universumverdeling.

(d) 'n Groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling woon in stede of stedelike gebiede en die verskil tussen enigste kinders en die universum word kleiner namate die omgewing meer plattelands word.

(e) 'n Groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling woon in woonstelle.

### 3.8.2 Huislike omstandighede en ouers

(a) 'n Groter persentasie vaders van enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling beoefen beroepe in die hoër sosio-ekonomiese strata.

(b) 'n Groter persentasie enigste kinders as kinders van die universum wil eendag professionele beroepe volg.

(c) 'n Groter persentasie enigste kinders se ouers is geskei of uitmekaar in vergelyking met die universumverdeling.

(d) Ouers van enigste kinders beskik oor effens hoër onderwyskwalifikasies as ouers van die universum.

(e) 'n Groter persentasie ouers van enigste kinders as ouers van die universum verlang dat hulle kinders hoë opvoedkundige kwalifikasies, soos 'n universiteitsgraad, moet behaal.

(f) Die ondersoekgroepleerlinge het hoër onderwysaspirasies in vergelyking met die universum.

(g) 'n Kleiner persentasie enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling meen dat hulle ouers dit nie sal kan bekostig om hulle tot standerd tien of verder te laat leer nie.

(h) 'n Aansienlike groter persentasie moeders van enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling werk buitenshuis.

(i) 'n Groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling beweer dat daar niemand tuis is wat hulle kan help indien hulle moeilikheid met huiswerk ondervind nie. Geen beduidende verskil word tussen die groepe aangetref met betrekking tot die tyd wat hulle vir huiswerk beskikbaar het nie.

(j) 'n Kleiner persentasie enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling beweer dat hulle nie genoeg sakgeld ontvang nie.

(k) 'n Kleiner persentasie enigste kinders in vergelyking met die universumverdeling werk vir hulle sakgeld.

### 3.8.3 Skoolaangeleenthede

'n Vergelyking van die ondersoekgroep met die universum bring die volgende aan die lig:

(a) 'n Groter persentasie enigste kinders is in kerk- en privaatskole.

(b) 'n Groter persentasie enigste kinders is in stedelike skole.

(c) 'n Groter persentasie enigste kinders was 5 jaar of jonger toe hulle vir die eerste keer skool toe is.

(d) 'n Heelwat groter persentasie enigste kinders was in kleuterskole.

(e) 'n Kleiner persentasie enigste kinders het tot en met st. 6 gedruip.

(f) Ten opsigte van die getal skole wat hulle bygewoon het, word geen noemenswaardige verskil tussen die ondersoekgroep en die universum aangetref nie.

### 3.8.4 Buitemuurse aktiwiteite en stokperdjies

(a) Daar bestaan weinig verskil tussen enigste kinders en die universum wat leesvoorkeur betref.

(b) 'n Groter persentasie ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge ontvang naskoolse lesse soos musiek en ballet.

(c) Relatief meer ondersoekgroepleerlinge as universumleerlinge versamel artikels, beoefen kuns, fotografeer en bou modelle as stokperdjies, terwyl 'n groter persentasie universumleerlinge as enigste kinders handwerk en tuinmaak as stokperdjies het.

(d) Enigste kinders het meer stokperdjies as die universum.

(e) 'n Kleiner persentasie enigste kinders in vergelyking van die universum hou van sport, terwyl 'n geringe groter persentasie enigste kinders van bioskoop en stokperdjies hou.

### 3.8.5 Houdings

(a) 'n Groter persentasie enigste kinders as universumleerlinge beweer dat godsdien vir hulle van geen waarde is nie, of is onseker oor hulle houding ten opsigte van godsdiens.

(b) 'n Groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum hou van skoolgaan.

(c) 'n Groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum het 'n positiewe houding teenoor huiswerk.

(d) Enigste kinders het 'n meer negatiewe houding teenoor sport in vergelyking met die universum.

(e) Daar is nie 'n beduidende verskil tussen enigste kinders en die universum wat begeerte tot leierskap betref nie.

(f) 'n Groter persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum het 'n negatiewe houding teenoor skoolreëls.

(g) Geen beduidende verskil tussen die groepe word aangetref ten opsigte van hulle houding teenoor geleerdheid nie.

### 3.8.6 Gesondheid

(a) Alhoewel daar nie 'n beduidende verskil tussen die algemene gesondheidstoestand van enigste kinders en die universum aangetref word nie, is daar 'n groter persentasie enigste kinders wat probleme as gevolg van spesifieke kwale, soos oorgewig en swaksiendheid in vergelyking met die universum ondervind.

(b) Enigste kinders was gemiddeld meer dae van die skool afwesig as die universum.

HOOFSTUK 4  
ONDERWYSERSBEOORDELING

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die groep enigste kinders met die universum van standerd ses-leerlinge ten opsigte van sekere gegewens wat uit die Onderwysersvraelys (kyk par. 2.2.2) verkry is, vergelyk.

4.2 LEERLINGE SE OUDERDOM

Die enigste kinders se gemiddelde ouderdom tydens Talentopname was 13 jaar 4.8 maande en die universum se gemiddelde ouderdom was 13 jaar 5.6 maande. Enigste kinders was dus jonger as die universum. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met dié van Bossard asook met die bevinding volgens paragraaf 3.4.3, dat enigste kinders gemiddeld jonger as die universum was toe hulle die skool vir die eerste keer besoek het (7). Bohannon egter, het bevind dat enigste kinders later as ander kinders begin skoolgaan (9).

4.3 LEIERSEIENSKAPPE

In tabel 4.1 word aangetoon of die leerlinge, volgens die onderwysers se oordeel, te=kens van leierskap toon.

TABEL 4.1  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TEKENS VAN LEIERSKAP

Tekens van leierskap	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	794	30.2	19872	29.0
Nee	1835	69.8	48547	71.0
TOTAAL	2629	100.0	68419	100.0

$$X^2 = 1.708; \quad .30 < P < .20$$

Volgens tabel 4.1 is daar 30.2 persent enigste kinders en 29.0 persent van die universum wat volgens die onderwyser/es se beoordeling leierseienskappe openbaar. Hierdie verskil is nie beduidend nie.

4.4 PRESTASIE OP SPORTGEBIED

Gegewens ten opsigte van die leerlinge se prestasie op sportgebied verskyn in tabel 4.2.

TABEL 4.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE OP SPORTGEBIED

Prestasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	329	12.6	9551	14.0
Ondergemiddeld	744	28.4	17076	25.0
Gemiddeld	1137	43.4	29792	43.5
Bogemiddeld	321	12.3	9088	13.2
Baie goed	88	3.3	2929	4.3
TOTAAL	2619	100.0	68436	100.0

$$X^2 = 23.434; \quad P < .001$$

Indien tabel 4.2 in drie kategorieë ingedeel word, naamlik ondergemiddeld, gemiddeld en bogemiddeld, is daar 41.0 persent enigste kinders en 39.0 persent van die universum wat ondergemiddeld presteer, 43.4 persent enigste kinders en 43.5 persent van die universum wat gemiddeld presteer en 15.6 persent enigste kinders en 17.5 persent van die universum wat bogemiddeld presteer.

n Kleiner persentasie enigste kinders word dus deur onderwysers as bogemiddeld op sportgebied beoordeel, wat die bevinding wat in paragraaf 3.6.4 gemaak is, staaf, naamlik dat dit wil voorkom asof enigste kinders minder van sport hou in vergelyking met die universum.

#### 4.5 PRESTASIE IN SEKERE SKOOLVAKKE

In tabelle 4.3 tot 4.7 verskyn besonderhede in verband met die leerlinge se prestasies in sekere skoolvakke, te wete Wiskunde, Rekenkunde of Algemene Wiskunde, eerste taal, tweede taal, Algemene Wetenskap en Geskiedenis, Aardrykskunde of Sosiale Studies.

TABEL 4.3

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE IN WISKUNDE, REKENKUNDE OF ALGEMENE WISKUNDE

Persentasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
19% en minder	163	6.2	3678	5.3
20 - 29%	268	10.1	6243	9.0
30 - 39%	348	13.1	9972	14.4
40 - 49%	465	17.5	12526	18.0
50 - 59%	444	16.7	11979	17.3
60 - 69%	393	14.8	10382	15.0
70 - 79%	317	11.9	7717	11.2
80% en meer	258	9.7	6759	9.8
TOTAAL	2656	100.0	69256	100.0

$$\chi^2 = 12.504; \quad .05 < P < .10$$

TABEL 4.4

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE IN EERSTE TAAL

Persentasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
19% en minder	20	0.8	386	0.6
20 - 29%	74	2.8	1685	2.5
30 - 39%	219	8.3	6446	9.3
40 - 49%	600	22.6	16268	23.4
50 - 59%	691	26.1	19563	28.2
60 - 69%	621	23.4	14762	21.3
70 - 79%	324	12.2	7783	11.2
80% en meer	101	3.8	2442	3.5
TOTAAL	2650	100.0	69335	100.0

$$\chi^2 = 20.112; \quad .001 < P < .01$$

TABEL 4.5

VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE IN TWEDE TAAL

Persentasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
19% en minder	80	3.0	1410	2.1
20 - 29%	154	5.8	4346	6.3
30 - 39%	354	13.4	10712	15.5
40 - 49%	569	21.5	16551	23.9
50 - 59%	610	23.0	16263	23.5
60 - 69%	494	18.6	11778	17.0
70 - 79%	285	10.8	6011	8.7
80% en meer	104	3.9	2069	3.0
TOTAAL	2650	100.0	69140	100.0

$$\chi^2 = 52.884; \quad P < .001$$



TABEL 4.6

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE IN ALGEMENE WETENSKAP

Persentasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
19% en minder	105	4.1	2549	3.8
20 - 29%	185	7.2	5449	8.1
30 - 39%	347	13.6	9847	14.5
40 - 49%	470	18.4	13266	19.6
50 - 59%	468	18.3	13079	19.3
60 - 69%	464	18.1	11107	16.4
70 - 79%	307	12.0	7466	11.0
80% en meer	213	8.3	4953	7.3
TOTAAL	2559	100.0	67716	100.0

$$\chi^2 = 18.375; \quad .01 < P < .02$$

TABEL 4.7

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS PRESTASIE IN GESKIEDENIS, AARDRYKSKUNDE OF SOSIALE STUDIES

Persentasie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
19% en minder	75	2.9	1911	2.9
20 - 29%	147	5.7	4226	6.3
30 - 39%	284	10.9	8219	12.2
40 - 49%	422	16.3	12070	17.9
50 - 59%	463	17.8	12642	18.7
60 - 69%	488	18.8	11456	17.0
70 - 79%	362	14.0	8973	13.3
80% en meer	352	13.6	7917	11.7
TOTAAL	2593	100.0	67414	100.0

$$\chi^2 = 23.061; \quad .001 < P < .01$$

Volgens tabelle 4.3 tot 4.7 word die volgende opgemerk:

(a) Wat betref prestasie in Wiskunde, Rekenkunde of Algemene Wiskunde (tabel 4.3), is daar slegs geringe en onbeduidende verskille tussen die ondersoekgroep en die universum.

(b) Volgens tabel 4.4 (prestasie in eerste taal) is daar 11.9 persent enigste kinders teenoor 12.4 persent van die universum wat 'n persentasie van 39 persent of minder in hierdie vak behaal het. Hierteenoor behaal 39.4 persent enigste kinders en 36.0 persent van die universum 'n persentasie van 60 persent of meer.

(c) Daar is 22.2 persent enigste kinders teenoor 23.9 persent van die universum wat 'n tweedetaalprestasie van 39 persent of minder behaal terwyl 33.3 persent enigste kinders teenoor 28.7 persent van die universum 60 persent of meer in hulle tweede taal behaal (tabel 4.5).

(d) In die geval van Algemene Wetenskap (tabel 4.6), behaal 24.9 persent enigste kinders teenoor 26.4 persent van die universum 'n prestasie van 39 persent of minder, terwyl 38.4 persent enigste kinders teenoor 34.7 persent van die universum 60 persent of meer in dié vak behaal.

(e) Volgens tabel 4.7 (prestasie in Geskiedenis, Aardrykskunde of Sosiale Studies), behaal 19.5 persent enigste kinders teenoor 21.4 persent van die universum 39 persent of minder hierin terwyl 46.4 persent enigste kinders teenoor 42.0 persent universumleerlinge 60 persent of meer in hierdie vakke behaal.

Volgens die gegewens vervat in tabelle 4.3 tot 4.7, blyk dit dat enigste kinders deurgaans beter in genoemde skoolvakke as die universum presteer soos bewys word deur die hoër persentasie enigste kinders wat 'n prestasie van 60 persent of meer behaal in teenstelling met die universum wat 'n hoër persentasie toon in prestasies van 39 persent of minder. Die enigste uitsondering is in die geval van Wiskunde, Rekenkunde of Algemene Wiskunde waar die verskil tussen die twee groepe ten opsigte van prestasie nie beduidend is nie.

Skrywers huldig teenstrydige menings ten opsigte van enigste kinders se skoolprestasie. Volgens Bohannon is hierdie kinders se prestasie op skool onder die gemiddelde en gevolglik teenstrydig met die bevindinge van hierdie ondersoek (9). Levy het bevind dat enigste kinders baie meer skolastiese probleme as ander kinders ondervind (21). Hooker aan die anderkant, beweer dat enigste kinders nie skolasties vertraag is nie en geen verskil in dié opsig met ander kinders toon nie (22). Guilford en Worcester se bevindinge is in alle opsigte in ooreenstemming met dié van hierdie ondersoek (23). Hulle het bevind dat enigste kinders hoër punte in skoolvakke behaal en 'n hoër IK as nie-enigste kinders het.

#### 4.6 STOKKIESDRAAIERY

Gegewens ten opsigte van stokkiesdraaiery verskyn in tabel 4.8. Die verskil tussen die ondersoekgroep en die universum is klein en onbeduidend.

TABEL 4.8  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS DIE FEIT OF HULLE STOKKIESDRAAI

Draai die leerling stokkies?	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Ja	102	3.8	2738	4.0
Nee	2551	96.2	66688	96.0
TOTAAL	2653	100.0	69426	100.0

$$X^2 = 0.069; \quad .70 < P < .80$$

#### 4.7 INVLOED VAN HERHAALDE AFWESIGHEID OP SKOOLPRESTASIE

In tabel 4.9 word die onderwysers se beoordeling ten opsigte van die vraag "Benadeel herhaalde afwesigheid die leerling se skoolprestasie?" weergegee. Volgens die gegewens van tabel 4.9 is daar min verskil tussen die ondersoekgroep en die universum.

TABEL 4.9  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONDERWYSERS SE OORDEEL OF HERHAALDE AFWESIGHEID HULLE SKOOLPRESTASIE NADELIG BEINVLOED

Responsie	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Nie van toepassing nie	2281	85.9	59587	85.8
Ja	86	3.2	2544	3.7
Nee	248	9.4	6004	8.7
Nie seker nie	40	1.5	1206	1.8
TOTAAL	2655	100.0	69341	100.0

$$X^2 = 3.589; \quad .30 < P < .50$$

#### 4.8 SAMEWERKING MET ONDERWYSERS

In tabel 4.10 word gegewens ten opsigte van die leerlinge se samewerking met hulle onderwysers weergegee.

TABEL 4.10  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS SAMEWERKING MET ONDERWYSERS

Samewerking	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	89	3.3	2406	3.5
Ondergemiddeld	314	11.8	8820	12.7
Gemiddeld	1203	45.2	33991	48.8
Bogemiddeld	649	24.4	14572	21.0
Baie goed	407	15.3	9675	14.0
TOTAAL	2662	100.0	69464	100.0

$$X^2 = 27.663; \quad P < .001$$

Indien die gegewens van tabel 4.10 in drie kategorieë verdeel word, te wete ondergemiddeld en swakker, gemiddeld, en bogemiddeld en beter, blyk dit dat 15.1 persent enigste kinders en 16.2 persent van die universum se samewerking ondergemiddeld is; 45.2 persent enigste kinders en 48.8 persent van die universum se samewerking is gemiddeld terwyl 39.7 persent enigste kinders en 35.0 persent van die universum se samewerking bogemiddeld is. 'n Groter persentasie enigste kinders se samewerking met hulle onderwysers/esse is dus bogemiddeld in vergelyking met die universum.

Die afleiding kan dus gemaak word dat enigste kinders se samewerking met hulle onderwysers/esse geensins swakker as dié van ander kinders is nie. Hierdie bevinding is in teenstelling met dié van skrywers wat bevind het dat enigste kinders 'n mislukking op skool is, anti-sosiale neigings openbaar en ander ongewenste eienskappe het.

So byvoorbeeld beweer Wexberg, soos aangehaal deur Fenton, dat die enigste kind 'n mislukking op skool is omdat hy hier tussen 'n groep individue is en die onderwyser se aandag met ander kinders moet deel (8). Neill beweer: "It is the only child whose power is most thwarted, and it is the only child that is most difficult to handle in a school" (14, bl. 77). Dit blyk egter dat Neill se stelling 'n verregaande veralgemening van te min gevalle is en nie as algemeen geldend beskou kan word nie.

#### 4.9 YWER MET SKOOLWERK

In tabel 4.11 verskyn die gegewens ten opsigte van onderwysers se beoordeling van leerlinge se ywer met skoolwerk.

TABEL 4.11  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE YWER MET SKOOLWERK

Ywer	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	154	5.8	3854	5.6
Ondergemiddeld	392	14.7	11906	17.1
Gemiddeld	1152	43.2	31949	46.0
Bogemiddeld	569	21.4	12997	18.7
Baie goed	396	14.9	8718	12.6
TOTAAL	2663	100.0	69424	100.0

$$\chi^2 = 35.132; \quad P < .001$$

Indien dieselfde indeling wat in die geval van tabel 4.10 gevolg is, ook op tabel 4.11 van toepassing gemaak word, blyk dit dat 20.5 persent enigste kinders en 22.7 persent van die universum se ywer met skoolwerk ondergemiddeld is; 43.2 persent enigste kinders en 46.0 persent van die universum se ywer is gemiddeld terwyl 36.3 persent enigste kinders teenoor 31.3 persent van die universum se ywer bogemiddeld is. Die tendens wat tot uiting kom ten opsigte van ywer met skoolwerk is dus dieselfde as in die geval van samewerking met onderwysers, dit wil sê 'n groter persentasie enigste kinders se ywer is bogemiddeld.

#### 4.10 KANS OM STANDERD TIEN TE SLAAG

Onderwysers se beoordeling van die leerlinge se kans om standaard tien te slaag, verskyn in tabel 4.12

TABEL 4.12  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS HULLE KANS OM STANDERD TIEN TE SLAAG

Kans om te slaag	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Baie swak	385	14.5	11252	16.2
Ondergemiddeld	527	19.9	15053	21.7
Gemiddeld	885	33.3	22788	32.9
Bogemiddeld	422	15.9	9748	14.1
Baie goed	436	16.4	10453	15.1
TOTAAL	2655	100.0	69294	100.0

$$\chi^2 = 18.833; \quad P < .001$$

'n Groot persentasie van beide groepe, naamlik 34,4 persent enigste kinders en 37,9 persent van die universum se kans om standerd tien te slaag, is volgens hulle onderwysers baie swak of ondergemiddeld.

Ten opsigte van 33,3 persent enigste kinders en 32,9 persent van die universum meen onderwysers dat hulle kans gemiddeld is en 32,3 persent enigste kinders en 29,2 persent van die universum se kans is bogemiddeld of baie goed.

Volgens die mening van klasonderwysers blyk dit dat enigste kinders in 'n geringe gunstiger posisie as die universum verkeer wat hulle kans om standerd tien te slaag, betref.

#### 4.11 ONGANG MET MEDESKOLIERE

In tabel 4.13 word die onderwyser se beoordeling van die leerlinge se vermoë om met hulle medeskoliere klaar te kom, weergegee.

TABEL 4.13  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS ONGANG MET MEDESKOLIERE

Omgang met medeskoliere	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
Goed	2493	94,1	66201	95,7
Swak	156	5,9	2970	4,3
TOTAAL	2649	100,0	69171	100,0

$$\chi^2 = 16,406; \quad P < ,001$$

Die verskynsel dat 'n groter persentasie enigste kinders nie goed met hulle medeskoliere oor die weg kom nie, kan uit tabel 4.13 opgemerk word. Die verskil tussen die twee groepe is egter so gering dat dit vir praktiese doeleindes van geen betekenis is nie. Die voorkoms daarvan is in elk geval baie laag, naamlik minder as 6 persent en strook nie met menings van verskeie skrywers, soos reeds aangehaal nie.

#### 4.12 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is onderwysers se beoordeling van leerlinge aan die hand van vrae in die Onderwysersvraelys weergegee en bespreek. Ten opsigte van elke vraag is die groep enigste kinders met die universum van standerd ses-leerlinge vergelyk en die belangrikste bevindinge wat verkry is, is die volgende:

- 4.12.1 Enigste kinders was in standerd ses gemiddeld jonger as die universum.
- 4.12.2 Daar is nie 'n beduidende verskil tussen enigste kinders en die universum ten opsigte van leierskap nie.
- 4.12.3 'n Klein persentasie enigste kinders in vergelyking met die universum presteer bogemiddeld en goed op sportgebied.
- 4.12.4 Enigste kinders presteer beter in die eerste taal, tweede taal, Algemene Wetenskap en Geskiedenis, Aardrykskunde of Sosiale Studies in vergelyking met die universum. In die geval van Wiskunde, Rekenkunde of Algemene Wiskunde is geen beduidende verskil gevind nie.
- 4.12.5 Geen beduidende verskil tussen die twee groepe is ten opsigte van stökkiesdraaiery gevind nie.
- 4.12.6 Op die vraag of herhaalde afwesigheid die leerlinge se skoolprestasie nadelig beïnvloed, is geen beduidende verskil tussen die twee groepe gevind nie.
- 4.12.7 Enigste kinders se samewerking met onderwysers is beter in vergelyking met dié van die universum.
- 4.12.8 Enigste kinders lê groter ywer met hulle skoolwerk aan die dag in vergelyking met die universum.
- 4.12.9 'n Groter persentasie enigste kinders se kans om standerd tien te slaag is volgens die onderwysers se beoordeling bogemiddeld en baie goed.
- 4.12.10 Enigste kinders kom effens swakker as die universum met hulle medeskoliere klaar.

HOOFSTUK 5  
INTELLEKTUELE VERMOË

5.1 INLEIDING

Die leerlinge wat aan Talentopname deelgeneem het, moes onder andere 'n intelligensie-toets, naamlik die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets, aflê. Leerlinge wat op die dag van toetsing 15 jaar of ouer was, het die Senior vorm van die toets beantwoord terwyl leerlinge jonger as 15 jaar, die Intermediêre vorm van die toets afgelê het.

Met behulp van hierdie toets is daar vir elke leerling 'n meting van sy nie-verbale, verbale en totale intelligensie verkry, en die IK-punte is verder in staneges omgesit.

Die gemiddelde IK-punt vir die twee groepe verskyn in tabel 5.1 terwyl die stanege-verspreidings van die enigste kinders en die universum in tabelle 5.2 tot 5.4 verskyn.

TABEL 5.1  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS GEMIDDELDE IK-PUNT

IK-punt	Enigste kinders		Universum	
	Gemiddelde	Standaard-afwyking	Gemiddelde	Standaard-afwyking
Nie-verbaal	103.855	14.777	103.476	14.784
Verbaal	102.514	15.491	101.199	15.224
Totaal	103.673	15.468	102.751	15.249

TABEL 5.2  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS NIE-VERBALE IK-STANEGES

Stanege	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
1	-	-	-	-
2	165	6.3	4439	6.4
3	251	9.5	6870	10.0
4	406	15.4	11318	16.4
5	458	17.4	11780	17.1
6	552	20.9	13962	20.2
7	414	15.7	10804	15.7
8	239	9.1	5908	8.6
9	151	5.7	3836	5.6
TOTAAL	2636	100.0	68917	100.0

TABEL 5.3  
VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS VERBALE IK-STANEGES

Staneges	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
1	-	-	-	-
2	237	9.0	6621	9.6
3	297	11.3	8527	12.4
4	421	16.0	12321	17.9
5	459	17.4	12134	17.6
6	459	17.4	12176	17.7
7	389	14.7	8714	12.6
8	203	7.7	4525	6.6
9	171	6.5	3899	5.6
TOTAAL	2636	100.0	68917	100.0

TABEL 5.4

## VERDELING VAN LEERLINGE VOLGENS TOTALE IK-STANEGES

Stanege	Enigste kinders		Universum	
	N	%	N	%
1	-	-	-	-
2	195	7.4	5132	7.4
3	245	9.3	7335	10.6
4	450	17.1	12922	18.8
5	448	17.0	11754	17.1
6	477	18.1	12047	17.5
7	391	14.8	9391	13.6
8	232	8.8	5890	8.5
9	198	7.5	4446	6.5
TOTAAL	2636	100.0	68917	100.0

## 5.2 BESPREKING VAN INTELLIGENSIEVERSKILLE

Volgens die resultate van die NSAG blyk dit dat enigste kinders in al die afdelings van die toets beter as die universum geprester het (kyk tabel 5.1). In die geval van die verbale en totale IK's is die verskil op die vyf-persent-peil beduidend terwyl in die geval van die nie-verbale IK die verskil nie beduidend is nie. Dat daar 'n wesenlike verskil in verbale intelligensie tussen die twee groepe is, word veral opmerklik indien die stanege-verspreidings met mekaar vergelyk word.

In die geval van verbale intelligensie word daar 'n groot verskil aangetref, deurdat 36.3 persent enigste kinders teenoor 39.9 persent van die universum 'n stanege van 4 of laer behaal terwyl 28.9 persent enigste kinders teenoor 24.8 persent van die universum 'n stanege van 7 of hoër behaal. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n groter persentasie enigste kinders 'n hoër verbale intelligensie as ander kinders het en dit verklaar ook die beduidende verskil in die geval van die totale intelligensie.

Wat die nie-verbale stanege-verspreiding betref is daar slegs 'n geringe verskil tussen die groepe, deurdat 31.2 persent enigste kinders teenoor 32.8 persent van die universum 'n nie-verbale IK-stanege van 4 of laer behaal, terwyl 30.5 persent enigste kinders teenoor 29.9 persent van die universum 'n stanege van 7 of hoër behaal.

'n Verklaring vir die verskil in verbale intelligensie tussen enigste kinders en die universum is nie voor-die-hand-liggend nie. Indien die verklaring moontlik gesoek word in die beter sosio-ekonomiese agtergrond van die enigste kind of sy beter ekonomiese posisie, kan die vraag gestel word waarom die nie-verbale intelligensie nie ewe gunstig beïnvloed word nie. Of die beter verbale intelligensie van die enigste kind moontlik die gevolg is van meer intieme ouerlike sorg wat die kind in die groot gesin noodwendig moet ontbeer, sal deur verdere navorsing bepaal moet word. Douglas meen egter dat dit wel die geval is (28).

Die bevinding van hierdie ondersoek, naamlik dat die enigste kind 'n voorsprong bo ander kinders ten opsigte van verbale intelligensie het wat ook tot gevolg het 'n voorsprong in totale intelligensie, is in breë trekke in ooreenstemming met ander navorsers se bevindinge in dié verband. Malherbe (1) het byvoorbeeld bevind dat die persentasie dom kinders groter word namate die kindertal in die gesin toeneem terwyl Robbertse bevind het dat gesinne met die laagste gemiddelde verstandspeil gemiddeld die hoogste kindertal het en dat 'n styging van verstandspeil 'n ooreenkomstige daling van kindertal toon (4).

In ooreenstemming met die bevinding wat van die bostaande tabelle gemaak is, is op verskeie plekke in hierdie ondersoek gevolgtrekkings gemaak wat daarop dui dat enigste kinders intellektueel beter toegerus is as die universum. Daar is byvoorbeeld bevind dat 'n kleiner persentasie enigste kinders as universumkinders op skool gedruip het (tabel 3.26), hulle presteer beter as die universum in sekere skoolvakke (tabelle 4.3 tot 4.7) en hulle kans om standaard tien te slaag is, volgens onderwysers se oordeel, beter as dié van die universum (tabel 4.12).

## 5.3 SAMEVATTING

Enigste kinders verskil van die universum wat intellektuele vermoë betref, deurdat hulle beter in die subtoets (en veral in die verbale subtoets) van die NSAG presteer en dus gemiddeld 'n hoër IK het.

HOOFSTUK 6  
PERSOONLIKHEID

6.1 INLEIDING

Die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) (18) is 'n hulpmiddel vir gebruik deur sielkundiges in kliniese situasies en vir navorsing. Op grond van die vordering wat gedurende die afgelope aantal jare op die gebied van persoonlikheidsmeting gemaak is, kon 'n instrument ontwikkel word wat dit moontlik maak om die individuele persoonlikheid redelik objektief te ontleed om sodoende die sielkundige se eie persoonlike evaluering van 'n kind aan te vul.

In hierdie hoofstuk word enigste kinders en die universum se gemiddelde stanegetellings vir die veertien velde wat deur die HSPV gemeet word, bespreek. Tellings word vir seuns en dogters afsonderlik aangetoon, aangesien daar aparte norme vir die geslagte bereken is.

TABEL 6.1  
GEMIDDELDE STANEGETELLINGS OP DIE HSPV-VELDE

Velde	Enigste kinders				Universum			
	Seuns		Dogters		Seuns		Dogters	
	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking	Gemiddelde	Standaardafwyking
A Vriendelikheid	*5.177	2.011	*5.252	2.009	4.960	1.938	4.926	1.969
B Intelligensie	5.104	2.045	5.129	1.757	4.997	2.041	5.070	1.790
C Egosterkte	5.015	1.941	*5.261	1.940	4.943	1.951	5.054	1.921
D Prikkelbaarheid	4.944	2.016	*4.839	2.031	4.990	1.984	5.038	2.007
E Selfhandhawing	5.035	2.062	5.099	2.071	4.944	1.989	5.010	2.042
F Entoesiasme	5.115	2.093	*5.068	1.948	5.041	1.982	4.940	1.911
G Pligsgetrouheid	5.132	1.983	*5.191	1.995	5.036	1.962	5.036	1.962
H Avontuurlustigheid	*5.137	2.089	*5.362	1.939	4.960	2.046	5.056	1.918
I Sensitiwiteit	4.919	2.094	*5.123	2.022	4.997	2.033	4.981	1.920
J Passiewe individualisme	5.008	1.991	5.000	1.980	5.025	1.943	5.105	1.964
O Vreesagtigheid	4.859	2.014	4.967	2.033	4.957	1.974	5.000	1.943
Q2 Selfgenoegsaamheid	4.986	1.961	4.838	2.045	4.961	1.986	4.929	2.026
Q3 Selfbeheersing	4.971	2.021	5.091	1.963	4.911	2.011	5.057	1.952
Q4 Gespannenheid	4.749	2.019	4.803	1.987	5.047	1.947	5.080	1.996
N =	1416		1226		35183		33757	

\*Beduidend op die 5%-peil of hoër.

6.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE HOËRSKOOI-PERSOONLIKHEIDSVRAELYS

Die gemiddelde stanegetellings wat enigste kinders en die universum ten opsigte van elke veld van die HSPV behaal het, verskyn in tabel 6.1. (Vir 'n volledige beskrywing van die velde, kyk par. 2.2.5.)

Ten opsigte van die eerste drie velde, naamlik vriendelikheid, intelligensie en egosterkte behaal enigste kinders (seuns en dogters) hoër tellings as die universum. In die geval van prikkelbaarheid behaal enigste kinders laer tellings, dit wil sê 'n neiging om minder prikkelbaar te wees. Ten opsigte van selfhandhawing, entoesiasme, pligsgetrouheid en avontuurlustigheid behaal enigste kinders hoër tellings, dit wil sê hulle besit meer van hierdie persoonlikheidstrekke in vergelyking met die universum.

In die geval van sensitiwiteit toon enigste seuns 'n laer telling en enigste dogters 'n hoër telling in vergelyking met seuns en dogters van die universum. Ten opsigte van passiewe individualisme (opstandigheid) en vreesagtigheid behaal enigste kinders laer tellings as die universum. Enigste seuns het 'n hoër telling en enigste dogters 'n laer telling ten opsigte van selfgenoegsaamheid in vergelyking met seuns en dogters van die universum. In die geval van selfbeheersing het enigste kinders 'n hoër telling as die universum terwyl hulle vir gespannenheid 'n laer telling het.

Alhoewel die verskille tussen enigste kinders en die universum ten opsigte van hulle HSPV-tellings gering is en in heelwat gevalle selfs nie beduidend is nie, wil dit tog voorkom asof enigste kinders oor die algemeen 'n beter persoonlikheidsamestelling as die universum toon. Slegs twee uitsonderings kom in die geval van dogters voor. Enigste dogters is meer sensitief en minder selfgenoegsaam as dogters van die universum.

Bossard beklemtoon die rol wat die groep in die vorming van die persoonlikheid speel en hy beweer dat die groot gesin en die klein gesin twee verskillende persoonlikheidstipes tot gevolg het: "A second series of questions grow out of an accepted principle of personality development namely, that the group experience, and particularly the family group experience, is of major importance in molding the personality of its members. Within reasonable limitations, children tend to be what their families and other group contacts make them to be.

It seems equally obvious, then, that if there is a large family system in distinction to a small family system, the two would tend to produce different personality types" (3, bl. 16-17).

Campbell stem egter nie met Bossard saam dat die omgewing alleenlik vir die vorming van persoonlikheid verantwoordelik is nie (24). Hy beweer dat die teenwoordigheid of afwesigheid van broers en susters asook die omgewing nie 'n bepalende rol in die ontwikkeling van persoonlikheid speel nie.

Campbell se bewering laat die vraag ontstaan wat dan 'n bepalende rol in persoonlikheidsvorming speel, as dit nie die invloed van die omgewing, of die afwesigheid of aanwesigheid van broers en susters is nie. Waaraan sal die bevinding dat enigste kinders in die algemeen 'n meer gewenste persoonlikheidsamestelling as kinders in die algemeen openbaar, dan toegeskryf kan word anders as aan omgewingsfaktore?

'n Paar persoonlikheidstrekke wat al deur verskillende skrywers aan enigste kinders toegeskryf is, word kortliks genoem:

Volgens Kraus ly kinders aan 'n minderwaardigheidsgevoel wat nog pynliker word in die geval van enigste kinders in 'n omgewing waar daar geen bondgenote is nie (2). Volgens die resultate van hierdie studie lyk dit nie asof daar sprake kan wees van 'n minderwaardigheidsgevoel by enigste kinders nie, veral as in aanmerking geneem word dat hulle hoër tellings as ander kinders behaal het ten opsigte van persoonlikheidstrekke soos egosterkte, selfhandhawing en avontuurlustigheid.

Neal beweer dat die enigste kind gewoonlik 'n probleemkind is en jaloers, selfsugtig, egoïsties, afhanklik, aggressief, dominerend of rusiemaking is (25).

Bohannon beweer: "Selfishness is most frequently named among the worst traits, and affection among the best traits" (9, bl. 310).

Wexberg soos aangehaal deur Fenton stel dit soos volg: "... such children have a boundless egotism, they tyrannize over their friends and will suffer no other gods beside themselves" (8, bl. 552). Fenton het bevind dat enigste kinders effens meer selfsugtig is, baie selfvertroue het en aggressief is (8).

Rosenberg beweer: "The perils and problems of being an only child are abundant. As far as self-esteem is concerned, however, the advantages appear to outweigh the disadvantages." Hy het bevind dat die manlike enigste kind veral hoër selfagting besit (10, bl. 108 - 109).

Ten opsigte van prikkelbaarheid en ander trekke beweer Goodenough dat enigste kinders dikwels onstabiel van geaardheid is, maklik opgewonde word en hulle aandag maklik afgetrek word (26).

Die negatiewe eienskappe wat deur ander ondersoekers aan enigste kinders toegeskryf word, word nie deur die bevindinge van hierdie ondersoek gestaaf nie.

### 6.3 SAMEVATTING

Uit die gegewens wat verkry is van die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys blyk dit dat enigste kinders byna konstant meer gewenste persoonlikheidstrekke besit, soos deur die HSPV gemeet, as wat die geval met die universum is.



Enigste kinders is vriendeliker, intelligenter, het 'n hoër egosterkte, is minder prikkelbaar, kan hulleself beter handhaaf, is meer entoesiasties, besit groter pligsgetrouheid, is meer avontuurlustig, minder opstandig en vreesagtig, toon groter selfbeheersing en is minder gespanne as die universum.

Die enigste twee velde waar enigste kinders minder gewenste persoonlikheidseienskappe openbaar, is in die geval van sensitiwiteit en selfgenoegsaamheid by enigste dogters.

Baie skrywers wat oor enigste kinders en hulle probleme geskryf het, het aan hierdie kinders ongewenste persoonlikheidseienskappe toegeskryf, wat die gedagte laat ontstaan dat daar selde 'n "normale" enigste kind gevind word. Volgens die HSPV-resultate in hierdie ondersoek kan egter gekonstateer word dat enigste kinders in die algemeen oor 'n ietwat meer gebalanseerde persoonlikheidsamestelling as ander kinders beskik.

## HOOFSTUK 7

### AANPASSING

#### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word enigste kinders met die universum vergelyk ten opsigte van hulle aanpassing, soos deur die Aanpassingsvraelys (kyk par. 2.2.4) gemeet.

Hierdie vraelys is opgestel met 'n drieledige doel, naamlik:

- (a) As 'n siftingstoets om leerlinge wat aanpassingsprobleme het, uit te soek.
- (b) As 'n middel vir 'n gekontroleerde onderhoud met groepe of individue.
- (c) Dit kan dien as 'n objektiewe instrument vir die vergelyking van groepe of individue met mekaar.

#### 7.2 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS

Gegewens in verband met die gemiddelde tellings ten opsigte van die Aanpassingsvraelys wat deur die ondersoekgroep behaal is, en gegewens ten opsigte van die universum verskyn in tabel 7.1

TABEL 7.1

GEMIDDELTE TELLINGS OP DIE AANPASSINGSVRAELYS

Velde	Enigste kinders		Universum	
	Gemiddelde	Standaard= afwyking	Gemiddelde	Standaard= afwyking
1. Selfvertroue	*8.308	3.581	8.704	3.526
2. Gevoel van eiewaarde	*5.495	3.669	6.380	4.065
3. Gevoel van persoonlike vryheid	3.394	3.169	3.496	3.254
4. Gevoel van aanvaarding en erkenning	*3.416	2.812	4.262	3.196
5. Sosiale verhoudings	*4.002	2.117	4.250	2.111
6. Simptome van senuweeagtigheid	*6.416	3.131	6.889	3.192
7. Morele inslag	*3.680	2.710	4.279	2.761
8. Huislike verhoudings	*2.692	2.348	3.026	2.416
9. Skoolverhoudings	*4.779	2.981	5.067	3.025
10. Emosionaliteit	*5.361	3.362	5.887	3.438
11. X-telling	*2.974	2.089	2.780	2.001
N =	2640		68981	

\*Beduidend op die 1%-peil.

Die verskille tussen enigste kinders en die universum is vir al die velde, met die uitsondering van die derde veld, gevoel van persoonlike vryheid, hoogs beduidend.

Vir al die velde van aanpassing, behalwe vir die X-telling, het enigste kinders konstant 'n laer telling behaal, wat dui op 'n beter aanpassing. Die hoër telling op die laaste "veld" dui daarop dat enigste kinders die vraelys met minder erns as die universum beantwoord het en dit verminder effens die betroubaarheid van hulle tellings op die tien velde.

Die grootste verskil tussen die twee groepe kom voor in die geval van die gevoel van eiewaarde, gevolg deur gevoel van aanvaarding en erkenning, morele inslag, emosionaliteit, simptome van senuweeagtigheid, selfvertroue, huislike verhoudings, skoolverhoudings, sosiale verhoudings en laastens gevoel van persoonlike vryheid, waar die kleinste verskil voorkom maar waar die verskil nie beduidend is nie.

Dit blyk dus dat enigste kinders, beoordeel volgens hulle prestasie ten opsigte van die Aanpassingsvraelys, beter as die universum aangepas is.

Bossard se verklaring hiervoor is: "Frequently if and when they adjust, they assume a precocity greater than their comrades", for they have had the advantage of special help and special training which their friends have missed" (11, bl. 158).

Volgens Landis is dit vroeër aanvaar dat die enigste kind 'n unieke probleem van sosiale aanpassing het en dat hy geneig is om 'n probleemkind te wees maar sedert die probleem van die enigste kind onder die aandag van meer intelligente ouers gebring is, kom dit voor asof die enigste kind geen ernstige nadele in vergelyking met ander kinders het nie (12). Hy beweer verder dat, ten spyte van sy isolasie, kan die enigste kind met wyse leiding en hulp hierdie hindernis oorkom en hom goed by sy omgewing aanpas. Hy erken egter die feit dat die enigste kind se stryd om 'n goeie aanpassing te maak, meer intens is as dié van ander kinders en beweer dat die feit dat enigste kinders in 'n groter mate in hulle aanpassing misluk, op werklike probleme in verband met aanpassing dui, te meer nog omdat daar as gevolg van hulle superieure voordele verwag sou word dat hulle minder probleme van aanpassing in kinderskap, puberteit, jeug en volwassenheid sal hê as kinders van groter gesinne.

Stott het gevind dat enigste kinders uit stedelike tuistes beduidend beter presteer het as nie-enigste kinders ten opsigte van persoonlike aanpassing, onafhanklikheid en verantwoordelikeheid (27).

Daar is egter ook skrywers wat van mening is dat enigste kinders swak aangepas is. Neal beweer dat die enigste kind gewoonlik 'n probleemkind is en jaloes, selfsugtig, egoïsties, afhanklik, aggressief, dominerend en rusiemakerig is (25).

Volgens Fenton is enigste kinders effens meer asosiaal en selfsugtig en aggressief en het ook meer simptome van senuweeagtigheid, maar het meer selfvertroue (8).

Benewens ander ongewenste eienskappe, beweer Bohannon verder dat enigste kinders baie ly aan senuwee- en fisiese steurnisse, hulle het minder beheer oor hulleself en hulle sosiale verhoudings word meer dikwels gekenmerk deur wrywing as wat die geval met ander kinders is (9).

Die Blantons, soos aangehaal deur Fenton, beweer: "The only child is greatly handicapped. He cannot be expected to go through life with the same capacity for adjustment than the child reared in the family with other children has" (8, bl. 547).

### 7.3 SAMEVATTING

Volgens gegewens wat verkry is uit die Aanpassingsvraelys is enigste kinders beter aangepas as ander kinders. Hulle het meer selfvertroue, 'n groter gevoel van eiewaarde en persoonlike vryheid, hulle voel dat hulle aanvaar en erken word, is beter aangepas in hulle sosiale, huislike en skoolverhoudings, het minder simptome van senuweeagtigheid en het 'n groter morele inslag en is minder emosioneel.

Die populêre mening asook die menings van skrywers soos hierbo aangehaal, is dat enigste kinders swak aangepas is. In hierdie ondersoek is daar egter geen aanduiding hiervan gevind nie. Inteendeel, die gevolgtrekking wat hier gemaak is, is dat enigste kinders in die algemeen beslis beter aangepas is vergeleke met die universum van standerd ses-leerlinge.

## HOOFSTUK 8

### SLOT

#### 8.1 OPSOMMING

Een van die oogmerke van Talentopname is om groepe leerlinge wat moontlik as probleemgroepe beskou mag word, te identifiseer, hulle ontwikkeling na te gaan en om faktore of omstandighede wat hulle ontwikkeling mag beïnvloed, te bestudeer. Voorbeelde van sulke groepe is wanaangepaste leerlinge, onderpresteerders, vroeë skoolverlaters, ensovoorts.

Volgens literatuur is enigste kinders 'n groep leerlinge wat vir die skool, hulle ouers en die gemeenskap 'n probleem is. Ter inleiding van ondersoeke oor moontlike probleemgroepe is daar besluit om 'n beeld van enigste kinders te verkry met betrekking tot hulle posisie in standerd ses, dit wil sê hoe hulle daar uitgesien het in die eerste jaar van hulle hoërskoolloopbaan. Na aanleiding van hierdie ondersoek se bevindinge is dit moontlik om verdere navorsing te formuleer.

In die huidige ondersoek is die 2679 enigste kinders, wat die totale ondersoekgroep vorm, met die universum van 69908 leerlinge wat in 1965 in standerd ses was, vergelyk ten einde 'n beeld te verkry van hulle biografiese agtergrond, aanpassing, persoonlikheid en intellektuele vermoë aan die hand van toetse en vraelyste wat deur hulle in die Talentopnameprogram afgelê en voltooi is. Aangesien daar van twee universums gebruik gemaak is en nie steekproewe nie en die bevindinge betrekking het op alle standerd ses-leerlinge van 1965, is daar geen rede om te vermoed dat die ondersoekgroep nie verteenwoordigend van ander jare ook sal wees nie.

Die vernaamste bevindinge wat verkry is deur vergelykings tussen enigste kinders en die universum te tref, is kortliks die volgende:

##### 8.1.1 Biografiese agtergrond

Heelwat meer enigste kinders word aangetref in Engelssprekende asook anderstalige gesinne as in Afrikaanssprekende gesinne. Wat woning en woonplek betref is daar bevind dat meer enigste kinders as kinders van die universum by hulle ouers woon en meer enigste kinders in stede woon asook in woonstelle.

Dit kom voor asof enigste kinders se ouers finansiëel in 'n beter posisie as die universum se ouers verkeer en ook hoër opvoedkundige kwalifikasies besit. 'n Aansienlike groter persentasie enigste kinders se moeders werk buitenshuis, wat waarskynlik verband hou met die bevinding dat meer enigste kinders beweer dat daar niemand tuis is wat hulle kan help indien hulle moeilikheid met hulle huiswerk ondervind nie.

Met betrekking tot skoolbesonderhede is bevind dat 'n groter persentasie enigste kinders in kerk en private skole is, in stedelike gebiede skoolgaan en relatief meer van hulle vyf jaar of jonger was toe hulle vir die eerste keer die skool besoek het. 'n Heelwat groter persentasie leerlinge van die ondersoekgroep as universumleerlinge was in kleuterskole en 'n kleiner persentasie enigste kinders het standerds op skool gedruip.

Relatief meer enigste kinders ontvang naskoolse lesse soos musiek en ballet en hulle het meer stokperdjies as die universum.

Enigste kinders het 'n meer positiewe houding teenoor skoolgaan en huiswerk, maar 'n minder positiewe houding teenoor godsdiens, sport en skoolreëls as die universum.

Daar is nie 'n verskil tussen enigste kinders en die universum se algemene gesondheidstoestand nie, maar 'n groter persentasie enigste kinders ondervind probleme as gevolg van spesifieke kwale soos oorgewig en swaksienheid. Hulle was gemiddeld ook meer dae van die skool afwesig as leerlinge van die universum.

##### 8.1.2 Onderwysers se beoordeling van leerlinge

Dit blyk dat enigste kinders se aanpassing op skool in die algemeen beter is as dié van die universum, deurdat hulle, volgens onderwysers, beter in hulle skoolvakke presteer, beter met hulle onderwysers saamwerk, groter ywer aan die dag lê en 'n beter kans staan om standerd tien te slaag as leerlinge van die universum. Hulle kom egter, volgens hulle klasonderwysers se oordeel, effens swakker as die universum met hulle medeskoliere oor die weg.

### 8.1.3 Intellektuele vermoë

Enigste kinders verskil van die universum wat intellektuele vermoë betref deurdat hulle gemiddeld 'n ietwat hoër IK as leerlinge van die universum het.

### 8.1.4 Persoonlikheid

In teenstelling met baie skrywers wat aan enigste kinders allerlei ongewenste persoonlikheidseienskappe toeskryf, is daar volgens die resultate van hierdie ondersoek bevind dat die ondersoekgroep in die algemeen oor 'n ietwat meer gebalanseerde persoonlikheidsamestelling as kinders in die algemeen beskik.

### 8.1.5 Aanpassing

Volgens die populêre mening, asook die menings van sommige skrywers is enigste kinders swakker as kinders uit groter gesinne aangepas. In die ondersoek is geen aanduidings hiervan gevind nie. Intendeel, volgens die resultate van hierdie ondersoek is die ondersoekgroep beter as die universum van standerd ses-leerlinge aangepas ten opsigte van persoonlike en sosiale aanpassing.

## 8.2 GEVOLGTREKking

Nieteenstaande die feit dat die meeste ondersoekers bevind het dat enigste kinders sekere onwenslike eienskappe besit en die populêre mening enigste kinders sien as bedorwe en selfsugtig, is in hierdie ondersoek getoon dat hulle in die algemeen goed met ander kinders vergelyk en nie op standerd ses-vlak as 'n probleemgroep beskou kan word nie. Sover vasgestel kan word, is hulle skoolvordering, persoonlikheidsamestelling en aanpassing minstens net so goed soos dié van die ander kinders en ten opsigte van die meeste aspekte wat ondersoek is, verkeer hulle in 'n gunstiger posisie as die universum van standerd ses-leerlinge.

LITERATUURVERWYSINGS

1. MALHERBE, E.G. Onderwys en die armblanke. Stellenbosch, Pro-Ecclesia Drukkery, 1932.
2. KRAUS, O. "Het Eenige kind" Het Moeilijke kind, deur Alfred Adler ... (e.a.) Amsterdam, N.V. Wereldbibliotheek, 1934.
3. BOSSARD, J.H.S. The Large family system. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1956.
4. ROBBERTSE, P.M. Die Verhouding tussen die skoolprestasie en huislike milieu van laer=skoolleerlinge in sover dit die ekonomiese, beroeps- en strukturele omstandigheid van die gesinne betref. Amsterdam, C.V. Swets en Zeitlinger Boekhandel en Uitgeversmaatschappij, 1948.
5. ENGLISH, H.B. Child psychology. New York, Holt & Co., 1951.
6. BOSSARD, J.H.S. Parent and child. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1953.
7. BOSSARD, J.H.S. The Sociology of child development. New York, Harper & Brothers, 1954.
8. FENTON, N. "The Only child". The Pedagogical Seminary, Vol. 35, 1928, 546 - 554.
9. BOHANNON, E.W. "The Only child in a family". Pedagogical Seminary, April 1898.
10. ROSENBERG, M. Society and the adolescent self-image. Princeton, Princeton University Press, 1965.
11. BOSSARD, J.H.S. and BOLL, E.S. Family situations. Philadelphia, University of Pennsylvania Press, 1943.
12. LANDIS, P.H. Adolescence and youth. New York, McGraw-Hill, 1952.
13. HURLOCK, E.B. Child development. New York, McGraw-Hill, 1950.
14. NEILL, A.S. The Problem child. New York, McBride & Company, 1927.
15. NISBET, J.D. and ENTWISTLE, N.J. "Intelligence and family size." The British Journal of Educational Psychology, Vol. 37, June, 1967, 188 - 193.
16. LENTZ, T. "Relation of IQ to size of family". Journal of Educational Psychology, Vol 18, October 1927, 486 - 496.
17. VAN KREVELEN, D.A. Het Eenige kind. Utrecht, Bijleveld, 1946.
18. CATTELL, R.B. Jr. - Sr. Hoërskool - Persoonlikheidsvraelys (HSPV) deur R.B. Cattell en H.A. Beloff; vert. deur E.M. Madge, Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige & Maatskaplike Navorsing, 1967.
19. WARD, A. "The Only child". Smith College Studies in Social Work, Sept. 1930, 41 - 65.
20. TAYLOR, L. "The Social adjustment of the only child". American Journal of Sociology, Vol. 51, 1945, no. 3, 227 - 232.
21. LEVY, J. "A Quantitative study of behavior problems in relation to family constellation". American Journal of Psychiatry, Vol. 10, 1931, 637 - 654.
22. HOOKER, H.F. "A Study of the only child at school". Journal of Genetic Psychology, Vol. 39, 1931, 122 - 126.
23. GUILFORD, R.B. and WORCESTER, D.A. "A Comparative study of the only child". Journal of Genetic Psychology, Vol. 38, 1930, 411 - 426.
24. CAMPBELL, A.A. "The Personality adjustments of only children". Psychological Bulletin, Vol. 31, 1934, 193 - 203.
25. NEAL, E. "The Only child". Mental Hygiene Bulletin, Nov. 1927, 1 - 3.

26. GOODENOUGH, F.L. and LEAHY, A.M. "The Effect of certain family relationships upon the development of personality". Journal of Genetic Psychology, Vol. 34, 1927, 45 - 71.
27. STOTT, L.H. "General home setting as a factor in the study of the only versus the non-only child". Character and Personality, Vol. 8, 1940, 156 - 162.
28. DOUGLAS, J.W.B. The Home and school. London, MacGibbon and Kee, 1964.
29. VERHOEF, W. en ROOS, W.L. Die Doel en eksperimentale opset van projek Talentopname. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
30. ROOS, W.L. Die 1965-Talentopnametoetsprogram. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.
31. ENGELBRECHT, J. Die Fertiliteit van 'n groep Blanke Afrikaanssprekende vroue in Pretoria. Pretoria, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1968.
32. MOSTERT, W.P. 'n Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase 1 : Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970.

RAAD VIR GEESTESWETEN-  
SKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK

18-6-1971

LIBRARY

HUMAN SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

45086

45084



